WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE MARITIEME VEILIGHEIDSOWERHEID 5 VAN 1998

[GOEDGEKEUR OP 26 MAART 1998] [DATUM VAN INWERKINGTREDING: 1 APRIL 1998]

(Engelse teks deur die President geteken)

WET

Om voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

INDELING VAN ARTIKELS

Artikel

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK 1
SUID-AFRIKAANSE MARITIEME VEILIGHEIDSOWERHEID

2. Instelling en Oordrag van sekere werksaamhede
3. Oogmerke
4. Pligte
5. Hoe werksaamhede verrig kan word
6. Werksaamhede ooreenkomstig oogmerke en internasionale ooreenkomste en reg verrig te word
7. Lasgewings deur Minister
8. Vergoeding van koste van nakoming van lasgewings
9. Bevoegdhede
10. Verbod op oprigting van maatskappye en vennootmaatskappye
11. Oorlegpleging

HOOFSTUK 2
RAAD VAN OWERHEID EN PERSONEEL

Deel 1
Raad

12. Samestelling van Raad en bedinge en voorwaardes van aanstelling
13. Ampstermyn van lede
14. Vergoeding en toelaes van lede
15. Onafhanklikheid en verantwoordelikhede van lede
16. Waarnemende aanstellings
17. Bedanking
18. Beëindiging van aanstelling
19. Vergaderings
20. Voer van vergaderings

21. Besluite sonder vergaderings

Deel 2
Hoof- Uitvoerende Beampte en personeel

22. Hoof- Uitvoerende Beampte
23. Hoof- Uitvoerende Beampte nie ander werk te doen nie
24. Bedinge en voorwaardes van diens van Hoof- Uitvoerende Beampte
25. Bedanking
26. Waarnemende Hoof- Uitvoerende Beampte
27. Personeel

HOOFSTUK 3
WERKING VAN OWERHEID

28. Besigheidsplan
29. Finansiële doelwitte en prestasie-aanwysers
30. Minister kan wysiging van finansiële plan gelas

HOOFSTUK 4
FINANSIES

Deel 1
Algemeen

31. Oordrag van sekere Staatsbates na Owerheid
32. Oordrag van grond, ens, na Owerheid
33. Gevolg van oordrag van Staat na Owerheid
34. Laste ten opsigte van personeel
35. Geld vooruit aan Staat betaal
36. Regte ten opsigte van dienste en fasiliteite voorheen deur Departement verskaf
37. Bates en laste
38. Maritieme Fonds
39. Toekennings deur Staat
40. Lenings
41. Waarborg van lenings
42. Owerheid kan sekuriteit verskaf
43. Toepassing van Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992

Deel 2
Gelde

44. Gelde

HOOFSTUK 5
ALGEMENE BEPALINGS

45. Bevoegdheid tot aanhouding
46. Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring van Owerheid

47. Delegering deur Minister
48. Delegering deur Owerheid
49. Vervanging van Staat deur Owerheid in sekere kontrakte, ens
50. Publikasie van lasgewings
51. Ondersoekkommissie na maritieme ongevalle
52. Sekere werksaamhede van Owerheid deur Staatsdepartement verrig te word
53. Regulasies
54. Toepassing van Wet op Prince Edward-eilande
55. Wysiging van artikel 1 van Wet 105 van 1983, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 87 van 1992
56. Wysiging van artikel 11 van Wet 105 van 1983, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 87 van 1992
57. Oogangsbepalings
58. Kort titel en inwerkingtreding

Bylae

[w5j1998a1]1 Woordomskrywing

In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

"aanstel" ook heraanstel;

"bates" eiendom van enige aard, en ook roerende sowel as onroerende eiendom;

"beampte" 'n lid van die Owerheid se personeel;

"boekjaar" die tydperk beginnende op 1 April van 'n bepaalde jaar en eindigende op 31 Maart van die volgende jaar;

"Departement" die Departement van Vervoer;

"Fonds" die Maritieme Fonds by artikel 38 (1) ingestel;

"gelde"-

(a) gelde vir 'n diens of fasiliteit deur die Owerheid verskaf; of

(b) 'n fooi of ander gelde ten opsigte van 'n aangeleentheid met betrekking waartoe die Owerheid onkoste kragtens hierdie Wet aangaan, met inbegrip van 'n fooi of ander gelde ten opsigte van, of vir 'n aansoek vir-

(i) die verlening, uitreiking, hernuwing of wysiging van 'n sertifikaat, lisensie, goedkeuring, toestemming, permit, registrasie of vrystelling kragtens 'n wet of 'n instrument kragtens 'n wet; of

(ii) die verlening of wysiging van 'n magtiging, of die kansellering, opskorting, wysiging of oplegging van 'n voorwaarde met betrekking tot enigiets in subparagraaf (i) bedoel;

"heffing" 'n heffing opgelê kragtens die Wet op Heffings van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;

"hierdie Wet" ook die regulasies en enige lasgewing kragtens artikel 7 of 30;

"Hoof-Uitvoerende Beampte" die Hoof-Uitvoerende Beampte kragtens artikel 22 (1) of (5) aangestel;

"leen" ook die aangaan van lenings of die verkryging van krediet, hetsy deur die verhandeling van sekuriteite of andersins, maar nie ook die verkryging van krediet deur 'n transaksie wat deel van die daaglikse bestuur van die Owerheid uitmaak nie;

"lid" 'n lid van die Raad in artikel 12 (1) bedoel;

"Minister" die Minister van Vervoer;

"Ondervoorsitter" die Ondervoorsitter van die Raad in artikel 12 (1) (b) bedoel;

"oordragdatum" die datum deur die Minister kragtens artikel 2 (2) bepaal;

"Owerheid" die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid by artikel 2 (1) ingestel;

"Raad" die Raad van die Owerheid in artikel 12 (1) bedoel;

"regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 53 uitgevaardig;

"Voorsitter" die Voorsitter van die Raad in artikel 12 (1) (a) bedoel;

"voorskryf" by regulasie kragtens artikel 53 voorskryf.

HOOFSTUK 1
SUID-AFRIKAANSE MARITIEME VEILIGHEIDSOWERHEID (aa 1-11)

[w5j1998a2]2 Instelling en oordrag van sekere werksaamhede

(1) Die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid word hierby as 'n regspersoon ingestel.

(2) Die uitvoering van die wette in die eerste kolom van die Bylae vermeld, word aan die Owerheid oorgedra behoudens die wysigings (as daar is) in die derde kolom van die Bylae vervat, met ingang van 'n datum* deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant bepaal, wat 'n datum nie voor 1 April 1998 moet wees nie.

[w5j1998a3]3 Oogmerke

Die oogmerke van die Owerheid is-

(a) om die veiligheid van lewens en eiendom ter see te verseker;

(b) om besoedeling van die mariene omgewing deur skepe te voorkom en te bestry; en

(c) om die Republiek se maritieme belange te bevorder.

[w5j1998a4]4 Pligte

Ten einde sy oogmerke te bereik, moet die Owerheid-

(a) die wette in artikel 2 (2) bedoel, en enige toepaslike regulasies kragtens daardie wette uitgevaardig en nie alreeds daarby ingesluit by woordomskrywing nie, uitvoer;

(b) die ander pligte wat aan die Owerheid by of kragtens enige ander wet opgedra word, uitvoer; en

(c) enige plig soos kragtens artikel 7 gelas, uitvoer.

[w5j1998a5]5 Hoe werksaamhede verrig kan word

(1) Die Owerheid kan sy werksaamhede binne sowel as buite die Republiek verrig.

(2) Behoudens artikel 4 kan die Owerheid werksaamhede om dienste te verskaf na goeddunke verrig.

(3) Waar die Owerheid 'n werksaamheid verrig, kan hy dit-

(a) self verrig;

(b) in samewerking met 'n ander persoon verrig; of

(c) deur die delegering of opdrag van die betrokke bevoegdheid of plig aan 'n ander persoon, verrig.

(4) By die toepassing van subartikel (3) beteken "persoon" ook-

(a) die Staat;

(b) 'n provinsie;

(c) die regering of 'n agentskap van die regering van 'n vreemde land;

(d) enige regs- of natuurlike persoon.

[w5j1998a6]6 Werksaamhede ooreenkomstig oogmerke en internasionale ooreenkomste en reg verrig te word

Die Owerheid moet sy werksaamhede ooreenkomstig-

(a) sy oogmerke in artikel 3 vermeld, verrig; en

(b) die verpligtinge van die Republiek-

(i) kragtens enige internasionale ooreenkoms waartoe die Regering 'n party is, verrig; en

(ii) kragtens internasionale gewoontereg wat uit hoofde van artikel 232 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), ten opsigte van die Republiek van krag is, verrig.

[w5j1998a7]7 Lasgewings deur Minister

(1) Die Minister kan geskrewe lasgewings aan die Owerheid aangaande die verrigting van sy werksaamhede gee, maar lasgewings aangaande die verrigting van werksaamhede by of kragtens enige ander wet aan die Owerheid verleen of opgedra, kan slegs van 'n algemene aard wees.

(2) Besonderhede van enige lasgewing gedurende 'n boekjaar gegee, moet in die jaarverslag van die Owerheid vir daardie jaar ingesluit word.

[w5j1998a8]8 Vergoeding van koste van nakoming van lasgewings

(1) Waar die Owerheid die Minister tevrede stel dat hy finansieel benadeel is as gevolg van die nakoming van 'n lasgewing deur die Minister kragtens artikel 7 gegee, is die Owerheid daarop geregtig om deur die Staat vergoed te word tot die bedrag van daardie finansiële benadeling.

(2) Die verwysing in subartikel (1) na finansiële benadeling is ook 'n verwysing na die-

(a) aangaan van koste wat groter is as wat andersins aangegaan sou word; en

(b) verbeuring van inkomste wat andersins ontvang sou word.

[w5j1998a9]9 Bevoegdhede

(1) Sonder om afbreuk te doen aan sy algemene bevoegdheid om regshandelinge as 'n regspersoon te verrig, het die Owerheid in die besonder die bevoegdheid om siviele gedinge in te stel en te voer in alle aangeleenthede wat op sy werksaamhede betrekking het.

(2) Behoudens hierdie Wet besit die Owerheid die bevoegdheid om alle dinge te doen wat nodig of dienstig is om te doen vir of in verband met die verrigting van sy werksaamhede, met inbegrip van die bevoegdheid-

(a) om kontrakte aan te gaan;

(b) om bates te verkry, te besit of van die hand te sit;

(c) om bedryfsuitrusting, masjinerie, toerusting of goedere van die Owerheid wat nie onmiddellik benodig word vir die doeleindes van die Owerheid nie, te verhuur;

(d) om geld wat nie onmiddellik benodig word vir die doeleindes van die Owerheid nie, op enige manier wat strook met gesonde kommersiële praktyk te belê.

[w5j1998a10]10 Verbod op oprigting van maatskappye en vennootskappe

Die Owerheid mag nie-

(a) inskryf vir of 'n meerderheidsaandeel in 'n maatskappy koop nie;

(b) meedoen aan die oprigting van 'n maatskappy nie; of

(c) in 'n vennootskap tree nie.

[w5j1998a11]11 Oorlegpleging

By die uitvoering van sy pligte en die uitoefening van sy bevoegdhede moet die Owerheid, waar toepaslik, oorleg pleeg met openbare sowel as private liggame en organisasies wat betrokke is.

HOOFSTUK 2
RAAD VAN OWERHEID EN PERSONEEL (aa 12-27)

Deel 1
Raad (aa 12-21)

[w5j1998a12]12 Samestelling van Raad en bedinge en voorwaardes van aanstelling

(1) Die Raad van die Owerheid bestaan uit die volgende lede:

(a) 'n Voorsitter;

(b) 'n Ondervoorsitter;

(c) die Hoof-Uitvoerende Beampte, uit hoofde van die amp; en

(d) twee tot vier ander lede.

(2) Die lede, behalwe die Hoof-Uitvoerende Beampte, is deeltydse lede.

(3) Die lede vermeld in subartikel (1) (a), (b) en (d)-

(a) word deur die Minister aangestel uit 'n lys van name van persone wat op versoek van die Minister by kennisgewing in die media aan hom of haar voorgelê is binne die tydperk in die kennisgewing bepaal, deur enige belanghebbende persoon of liggaam in die maritieme of verwante bedryf; en

(b) beklee hulle ampte op die bedinge en voorwaardes wat die Minister skriftelik bepaal.

(4) By die doen van aanstellings kragtens subartikel (3) moet die Minister in ag neem dat-

(a) die skeepvaartsektor deur nie meer as een lid verteenwoordig moet word nie;

(b) georganiseerde arbeid in die skeepvaartsektor deur nie meer as een lid verteenwoordig moet word nie;

(c) minstens een lid 'n persoon met aansienlike ondervinding in maritieme reg moet wees, in 'n persoonlike hoedanigheid aangestel;

(d) die oorblywende lede (as daar is) in hulle persoonlike hoedanigheid en op grond van hulle kundigheid en ervaring in die sakesektor aangestel moet word.

(5) Die uitvoering van pligte en die uitoefening van die bevoegdhede van die Owerheid word nie geraak bloot deur 'n vakature in die ledetal van die Raad nie.

(6) Die Raad verrig die werksaamhede van die Owerheid ingevolge hierdie Wet by besluit ingevolge artikels 19, 20 en 21.

[w5j1998a13]13 Ampstermyn van lede

Behoudens hierdie Hoofstuk beklee 'n lid sy of haar amp vir 'n tydperk, van hoogstens vyf jaar, in die dokument van aanstelling bepaal, maar is bevoeg vir heraanstelling.

[w5j1998a14]14 Vergoeding en toelaes van lede

Lede vermeld in artikel 12 (1) (a), (b) en (d) is geregtig op die vergoeding en toelaes wat die Minister, na oorlegpleging met die Minister van Finansies, bepaal.

[w5j1998a15]15 Onafhanklikheid en verantwoordelikhede van lede

(1) Behoudens artikel 12 (2) en (4) mag 'n lid geen betaalde werk doen wat strydig met die behoorlike verrigting van sy of haar werksaamhede as lid sal wees nie.

(2) 'n Lid wat 'n regstreekse of onregstreekse geldelike belang het in 'n aangeleentheid wat deur die Raad oorweeg word, moet sonder versuim na die betrokke feite aan die lid bekend geword het, die aard van die belang op 'n vergadering van die Raad openbaar.

(3) 'n Openbaring ingevolge subartikel (2) word in die notule van die vergadering opgeteken en, tensy die Raad anders bepaal, mag die lid nie-

(a) teenwoordig wees gedurende enige beraadslaging van die Raad met betrekking tot daardie aangeleentheid nie; of

(b) deelneem aan enige besluit van die Raad met betrekking tot daardie aangeleentheid nie.

(4) Vir die doel om 'n bepaling kragtens subartikel (3) te maak, mag 'n lid met 'n regstreekse of onregstreekse geldelike belang in die aangeleentheid waarop die openbaring betrekking het, nie-

(a) teenwoordig wees gedurende enige beraadslaging van die Raad vir die doel om die bepaling te maak nie; of

(b) deelneem aan die maak van die bepaling nie.

(5) Lede moet voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), van toepassing op direkteure van maatskappye.

[w5j1998a16]16 Waarnemende aanstellings

(1) Die Minister kan die Ondervoorsitter of 'n ander lid, behalwe die Hoof-Uitvoerende Beampte, aanstel om as Voorsitter waar te neem-

(a) gedurende 'n vakature in die amp van Voorsitter; of

(b) wanneer die Voorsitter van diens of uit die Republiek afwesig is, of om enige ander rede nie in staat is om die werksaamhede van die amp te verrig nie.

(2) Die Minister kan 'n lid, behalwe die Hoof-Uitvoerende Beampte, aanstel om as Ondervoorsitter waar te neem-

(a) gedurende 'n vakature in die amp van Ondervoorsitter; of

(b) wanneer die Ondervoorsitter van diens of uit die Republiek afwesig is, of om enige ander rede nie in staat is om die werksaamhede van die amp te verrig nie.

(3) Die Minister kan 'n persoon aanstel om as 'n lid waar te neem-

(a) gedurende 'n vakature in die amp van 'n lid; of

(b) wanneer 'n lid van diens of uit die Republiek afwesig is, of om enige ander rede nie in staat is om die werksaamhede van die amp te verrig nie.

(4) Artikel 12 (4) is met die nodige veranderinge op aanstellings kragtens subartikel (3) van toepassing.

(5) 'n Persoon aangestel om in 'n vakature waar te neem, kan hoogstens 12 maande op 'n keer aldus waarneem.

[w5j1998a17]17 Bedanking

'n Lid, behalwe die Hoof-Uitvoerende Beampte, kan by skriftelike kennisgewing aan die Minister uit die Raad bedank.

[w5j1998a18]18 Beëindiging van aanstelling

(1) Die Minister kan die aanstelling van 'n lid beëindig-

(a) weens wangedrag of weens fisiese of geestelike onbevoegdheid;

(b) wat insolvent word, aansoek doen om voordeel te trek uit enige wet vir die verligting van insolvente skuldenaars, met skuldeisers 'n akkoord aangaan of 'n toedeling van vergoeding doen tot hulle voordeel;

(c) wat sonder 'n redelike verskoning, versuim om aan artikel 15(1), (2) of (5) te voldoen;

(d) waar die prestasie van die lid as lid vir 'n betekenisvolle tydperk onbevredigend of oneffektief was; of

(e) wat skuldig bevind is aan 'n misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is en gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.

(2) Indien die prestasie van die Raad vir 'n betekenisvolle tydperk onbevredigend of oneffektief was, kan die Minister die aanstelling van alle lede of van bepaalde lede beëindig.

[w5j1998a19]19 Vergaderings

(1) Die Raad moet die vergaderings hou wat nodig is vir die effektiewe en doeltreffende verrigting van sy werksaamhede.

(2) Die Voorsitter-

(a) kan te eniger tyd 'n vergadering van die Raad byeenroep; en

(b) moet 'n vergadering byeenroep by ontvangs van 'n geskrewe versoek wat deur minstens twee ander lede geteken is.

(3) Die Minister kan te eniger tyd 'n vergadering van die Raad byeenroep.

(4) Behoudens artikel 15 moet die Voorsitter by elke vergadering waar hy of sy teenwoordig is, voorsit.

(5) Waar die Voorsitter nie by 'n vergadering teenwoordig is nie-

(a) sit die Ondervoorsitter voor; of

(b) indien die Ondervoorsitter nie teenwoordig is nie, moet die teenwoordige lede iemand uit hul geledere aanstel om voor te sit.

(6) By 'n vergadering word 'n kworum deur vier lede saamgestel.

(7) Vrae wat op 'n vergadering ontstaan, word deur 'n meerderheid van die stemme van die teenwoordige lede wat stem, beslis.

(8) Die persoon wat by 'n vergadering voorsit, het 'n beraadslagende stem en, indien nodig, 'n beslissende stem.

[w5j1998a20]20 Voer van vergaderings

(1) Die Raad kan, behoudens hierdie Hoofstuk, die verrigtinge van sy vergaderings volgens goeddunke reël.

(2) Sonder om die algemeenheid van subartikel (1) te beperk, kan die Raad-

(a) lede toelaat om aan 'n bepaalde vergadering per telefoon, geslote stroombaan-televisie of enige ander manier van kommunikasie deel te neem, en 'n lid wat aldus deelneem, word geag by die vergadering teenwoordig te wees;

(b) 'n persoon na 'n vergadering uitnooi met die doel om die Raad van raad te dien of oor enige aangeleentheid in te lig.

[w5j1998a21]21 Besluite sonder vergaderings

(1) Waar die Raad aldus bepaal, word 'n besluit by 'n vergadering van die Raad geag geneem te gewees het, indien, sonder dat 'n vergadering plaasvind, vier of meer lede, ooreenkomstig 'n prosedure voorheen deur die Raad bepaal, met die besluit saamstem.

(2) So 'n besluit word geag aanvaar te gewees het op 'n dag bepaal ooreenkomstig vermelde prosedure.

Deel 2
Hoof-Uitvoerende Beampte en personeel (aa 22-27)

[w5j1998a22]22 Hoof-Uitvoerende Beampte

(1) Daar is 'n Hoof-Uitvoerende Beampte van die Owerheid wat, behoudens subartikel (5), deur die Raad aangestel word.

(2) Behoudens hierdie Hoofstuk beklee die persoon wat as Hoof-Uitvoerende Beampte aangestel is daardie amp vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, in die dokument van aanstelling bepaal, maar is bevoeg vir heraanstelling.

(3) Die Hoof-Uitvoerende Beampte bestuur die Owerheid behoudens die beheer en voorskrifte van die Raad.

(4) Enigiets in die naam van, of namens die Owerheid deur die Hoof-Uitvoerende Beampte gedoen, word geag deur die Owerheid gedoen te wees.

(5) Ondanks subartikel (1) kan die Minister, vir die doeleindes van die oprigting van die Owerheid, 'n voorlopige Hoof-Uitvoerende Beampte aanstel op die bedinge en voorwaardes, met inbegrip van vergoeding en toelaes, wat die Minister skriftelik bepaal.

(6) 'n Persoon kragtens subartikel (5) aangestel, beklee die amp vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar, maar is bevoeg vir heraanstelling deur die Raad.

[w5j1998a23]23 Hoof-Uitvoerende Beampte nie ander werk te doen nie

Die Hoof-Uitvoerende Beampte mag geen betaalde werk buite die werksaamhede van die amp sonder die voorafgoedkeuring van die Raad doen nie.

[w5j1998a24]24 Bedinge en voorwaardes van diens van Hoof-Uitvoerende Beampte

Die Hoof-Uitvoerende Beampte beklee die amp op die bedinge en voorwaardes, met inbegrip van vergoeding en toelaes, wat die Raad skriftelik bepaal.

[w5j1998a25]25 Bedanking

Die Hoof-Uitvoerende Beampte kan by skriftelike kennisgewing aan die Raad bedank.

[w5j1998a26]26 Waarnemende Hoof-Uitvoerende Beampte

(1) (a) Die Raad kan, behoudens paragraaf (b), 'n persoon aanstel om as Hoof-Uitvoerende Beampte waar te neem-

(i) gedurende 'n vakature in die amp van Hoof-Uitvoerende Beampte, hetsy so 'n aanstelling voorheen gedoen is of nie; of

(ii) gedurende enige tydperk, of gedurende alle tydperke, wanneer die Hoof-Uitvoerende Beampte afwesig is van diens of uit die Republiek, of om enige ander rede nie in staat is om die werksaamhede van die amp te verrig nie.

(b) 'n Persoon aangestel om as Hoof-Uitvoerende Beampte waar te neem, kan hoogstens 12 maande op 'n keer aldus waarneem.

(2) 'n Persoon, behalwe 'n beampte, wat as Hoof-Uitvoerende Beampte waarneem, is geregtig op dieselfde vergoeding en toelaes as wat aan die Hoof-Uitvoerende Beampte betaalbaar is.

(3) 'n Beampte wat as Hoof-Uitvoerende Beampte waarneem, moet steeds die vergoeding en toelaes aan die beampte betaalbaar, ontvang, maar moet ook-

(a) soveel van die vergoeding aan die Hoof-Uitvoerende Beampte betaalbaar as wat die beampte se gewone vergoeding oorskry, betaal word;

(b) soveel van enige toelae aan die Hoof-Uitvoerende Beampte betaalbaar as wat die ooreenstemmende toelae aan die beampte betaalbaar oorskry, betaal word; en

(c) indien 'n toelae aan die Hoof-Uitvoerende Beampte, maar nie aan die beampte nie, betaalbaar is, sodanige toelae betaal word.

[w5j1998a27]27 Personeel

(1) Die nodige personeel moet deur die Owerheid kragtens 'n dienskontrak in diens geneem word.

(2) Die Hoof-Uitvoerende Beampte kan, namens die Owerheid, met 'n Staatsowerheid of ander liggaam reël-

(a) om die dienste van beamptes of werknemers van die Staat of ander liggaam vir die doeleindes van die Owerheid beskikbaar te stel; of

(b) om die dienste van 'n beampte vir die doeleindes van die Staat of 'n ander liggaam beskikbaar te stel.

(3) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling kan die Hoof-Uitvoerende Beampte, ooreenkomstig 'n ooreenkoms tussen die Departement en die Owerheid, enige persoon wat 'n beampte of werknemer van die Departement is, ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), met die persoon se instemming, permanent na die Owerheid oorplaas.

(4) Voordat enige handeling kragtens subartikel (2) of (3) geskied, moet die Hoof-Uitvoerende Beampte die goedkeuring van die Minister verkry.

HOOFSTUK 3
WERKING VAN OWERHEID (aa 28-30)

[w5j1998a28]28 Besigheidsplan

(1) Die Owerheid moet minstens 90 dae voor die begin van elke boekjaar 'n besigheidsplan voorberei vir goedkeuring deur die Minister.

(2) Die besigheidsplan moet-

(a) 'n verklaring van die kort en medium termyn bedryfs- en besigheidsoogmerke van die Owerheid vir minstens vyf jaar insluit;

(b) 'n oorsig gee van die strategieë en beleide wat die Owerheid van plan is om aan te neem ten einde sy oogmerke te bereik; en

(c) onder andere 'n bestuursplan, 'n finansiële plan, 'n mensehulpbronplan en prestasie-aanwysers insluit.

(3) Die finansiële plan moet ramings van uitgawes en inkomste vir die volgende boekjaar insluit.

(4) Die Owerheid kan die besigheidsplan met die Minister se goedkeuring wysig.

(5) Die Minister se goedkeuring kragtens subartikel (1) of (4) is van die begin van die betrokke boekjaar van krag.

[w5j1998a29]29 Finansiële doelwitte en prestasie-aanwysers

Wanneer die finansiële plan voorberei word, moet die Owerheid in ag neem-

(a) die behoefte aan hoë standaarde van maritieme veiligheid;

(b) die behoefte aan 'n hoë standaard van beskerming vir die mariene omgewing;

(c) die oogmerke in wetgewing en regeringsbeleid;

(d) enige lasgewing deur die Minister kragtens artikel 7;

(e) enige betalings deur die Staat aan die Owerheid om werksaamhede in paragraaf (g) bedoel, te befonds;

(f) die behoefte om 'n redelike vlak reserwes te handhaaf, met inagneming van geraamde toekomstige infrastruktuurbenodigdhede;

(g) die behoefte om 'n redelike opbrengskoers op die Owerheid se bates te verdien, met inbegrip van bates wat in geheel of hoofsaaklik in die verrigting van werksaamhede wat regstreeks deur die Staat befonds word, gebruik word; en

(h) enige ander kommersiële oorweging wat die Owerheid toepaslik ag.

[w5j1998a30]30 Minister kan wysiging van finansiële plan gelas

(1) Die Minister kan die Owerheid gelas om die finansiële plan ten opsigte van die finansiële doelwitte, en prestasie-aanwysers, met betrekking tot die voorsiening van dienste en fasiliteite te wysig.

(2) Wanneer die Minister dit doen, moet die Minister-

(a) die aangeleenthede bedoel in artikel 29, behalwe paragraaf (c), in ag neem; en

(b) enige ander oorweging van 'n kommersiële aard wat die Minister toepaslik ag, in ag neem.

(3) 'n Lasgewing moet op skrif wees en moet die redes daarvoor uiteensit.

HOOFSTUK 4
FINANSIES (aa 31-44)

Deel 1
Algemeen (aa 31-43)

[w5j1998a31]31 Oordrag van sekere Staatsbates na Owerheid

(1) Waar, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel-

(a) 'n werksaamheid van die Owerheid deur die Departement verrig is; en

(b) 'n bate in verband met die verrigting van daardie werksaamheid deur die Departement besit of gebruik is,

kan die Minister die bate aan die Owerheid laat oordra.

(2) Subartikel (1) word nie so uitgelê as sou dit die Staat verhoed om enige bate op 'n ander wyse as kragtens daardie subartikel aan die Owerheid oor te dra nie, mits die bate oorgedra word om die oogmerke van die Owerheid in artikel 3 bedoel, te bevorder.

[w5j1998a32]32 Oordrag van grond, ens., na Owerheid

(1) Waar die Minister vir die doeleindes van hierdie artikel, by kennisgewing in die Staatskoerant, enige grond wat aan die Staat behoort, bepaal en omskryf, word sodanige grond op die datum in die kennisgewing bepaal, maar nie vroeër as die datum van publikasie van die kennisgewing nie, aan die Owerheid oorgedra.

(2) Ondanks artikel 5 van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961 (Wet 48 van 1961), en artikel 18 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), moet 'n registrateur, by voorlegging van 'n sertifikaat deur die Minister dat

Staatsgrond kragtens subartikel (1) oorgedra is, die inskrywings en endossemente wat die registrateur nodig ag, kosteloos in of op enige toepaslike register, titelakte of ander dokument in sy of haar kantoor, of voor hom of haar gelê, aanteken, ten einde die oordrag van sodanige grond in die naam van die Owerheid te registreer.

(3) 'n Registrateur moet, by voorlegging van 'n sertifikaat deur die Minister dat 'n serwituut, ander saaklike reg of huurkontrak kragtens subartikel (1) oorgedra is, of dat 'n serwituut oor Staatsgrond bestaan wat kragtens daardie subartikel oorgedra is, die inskrywings en endossemente wat die registrateur nodig ag, kosteloos in of op enige toepaslike register, titelakte of ander dokument in sy of haar kantoor, of voor hom of haar gelê, aanteken, ten einde-

(a) die oordrag van sodanige serwituut, ander saaklike reg of huurkontrak in die naam van die Owerheid te registreer; of

(b) die bestaan van die serwituut oor Staatsgrond wat aldus oorgedra is ten gunste van enige ander persoon, te bevestig.

(4) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling kan 'n serwituut of ander saaklike reg ten opsigte van Staatsgrond wat kragtens subartikel (1) aan die Owerheid oorgedra is, nie deur verjaring verkry word nie.

(5) In hierdie artikel beteken "registrateur" 'n registrateur soos in artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, omskryf.

[w5j1998a33]33 Gevolg van oordrag van Staat na Owerheid

Waar, onmiddellik voor 'n oordrag kragtens artikel 31 of 32-

(a) 'n reg van die Staat voortspruitend uit 'n skuld, las of verpligting van enige ander persoon ten gunste van die Staat bestaan het ten opsigte van die bates aldus oorgedra; of

(b) 'n skuld, las of verpligting van die Staat bestaan het ten opsigte van die bates aldus oorgedra,

word die reg, skuld, las of verpligting, na gelang van die geval, van die Staat na die Owerheid oorgedra by sodanige oordrag.

[w5j1998a34]34 Laste ten opsigte van personeel

Die Minister kan, in oorlegpleging met die Owerheid, skriftelik die bedrag (as daar is) bepaal van die voorsienings wat deur die Owerheid gemaak moet word as gevolg van laste wat van die Staat oorgedra is ten opsigte van personeel.

[w5j1998a35]35 Geld vooruit aan Staat betaal

Waar, ten opsigte van 'n werksaamheid van die Owerheid wat voorheen deur die Departement verrig is, 'n bedrag deur die Staat ontvang, 'n bedrag is of insluit wat vooruitbetaald is as gevolg van enigiets wat deur die Staat gedoen staan te word in die

verrigting van daardie werksaamheid, en daardie ding nie deur die Staat gedoen is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, is daar aan die Owerheid 'n bedrag betaalbaar deur die Staat wat die Minister met inagneming van alle aangeleenthede wat hy of sy toepaslik ag, skriftelik bepaal betaalbaar is as gevolg van die ontvangs van eersgemelde bedrag.

[w5j1998a36]36 Regte ten opsigte van dienste en fasiliteite voorheen deur Departement verskaf

(1) Waar, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ten opsigte van 'n werksaamheid van die Owerheid wat voorheen deur die Departement verrig is, 'n reg van die Staat bestaan het voortspruitend uit 'n skuld, las of verpligting van enige ander persoon ten gunste van die Staat ten opsigte van 'n diens of fasiliteit wat deur die Departement verskaf is in die verrigting van daardie werksaamheid, word die reg van die Staat aan die Owerheid oorgedra in die mate wat die Minister skriftelik bepaal, met inagneming van die oogmerke van die Owerheid in artikel 3 bedoel.

(2) Waar, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel, verrigtinge met betrekking tot so 'n skuld, las of verpligting in 'n hof hangend was, kan die verrigtinge vir sover hulle aldus verband hou, deur die Owerheid voortgesit word en, indien die Owerheid dit doen, word die Staat deur die Owerheid in daardie verrigtinge vervang.

[w5j1998a37]37 Bates en laste

(1) Die bates van die Owerheid sluit in-

(a) bates wat aan die Owerheid by of kragtens hierdie Wet oorgedra is;

(b) enige bedrag aan die Owerheid betaal uit geld deur die Parlement bewillig vir die doel van befondsing van die Owerheid;

(c) enige bedrag aan die Owerheid betaalbaar kragtens enige wet of enige instrument daarkragtens;

(d) bedrae aan die Owerheid betaal ingevolge artikel 44 van hierdie Wet en artikel 2 van die Wet op Heffings van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;

(e) enige reserwes wat uit die Owerheid se bedrywighede voortspruit;

(f) enige bates wat deur die Owerheid verkry is in die loop van sy bedrywighede.

(2) Die laste van die Owerheid sluit in-

(a) die bedrag kragtens artikel 34 vasgestel;

(b) skulde, laste en verpligtinge van die Staat wat na die Owerheid oorgedra is ingevolge artikel 33;

(c) enige skulde deur die Owerheid aangegaan in die loop van sy bedrywighede;

(d) enige lenings wat deur die Owerheid aangegaan is.

[w5j1998a38]38 Maritieme Fonds

(1) 'n Fonds, genaamd die Maritieme Fonds, word hierby onder die beheer van die Minister ingestel.

(2) Die Owerheid moet die Fonds op die voorgeskrewe wyse administreer, en die rekeninge met betrekking tot die Fonds moet jaarliks deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

(3) Daar is betaalbaar aan die Fonds bedrae gelyk aan bedrae wat weens strawwe, boete of verbeuring deur die Staat ontvang is vir oortredings ingevolge die wette bedoel in artikel 2 (2).

(4) Geld in die Fonds kan slegs vir die bevordering van die oogmerke van die Owerheid bedoel in artikel 3 aangewend word.

(5) Geld in die Fonds wat nie vir onmiddellike gebruik nodig is nie, moet by 'n bank kragtens die Bankwet, 1990 (Wet 94 van 1990), geregistreer, belê word.

(6) Geld in die Fonds aan die einde van 'n boekjaar word as 'n krediet in die Fonds na die daaropvolgende boekjaar oorgedra.

(7) Die Hoof-Uitvoerende Beampte is die rekenpligtige beampte van die Fonds belas met die verantwoordelikheid van verantwoording van geld ontvang en uitgawes aangegaan deur die Fonds.

[w5j1998a39]39 Toekennings deur Staat

Die Minister van Finansies kan, uit geld deur die Parlement vir die doel bewillig, geld aan die Owerheid toeken op die bedinge en voorwaardes wat daardie Minister skriftelik bepaal.

[w5j1998a40]40 Lenings

Die Owerheid kan geld van enige bron, met inbegrip van 'n vreemde bron, leen.

[w5j1998a41]41 Waarborg van lenings

(1) Die Minister van Finansies kan die nakoming deur die Owerheid van verpligtinge deur hom kragtens artikel 40 aangegaan, waarborg.

(2) 'n Kontrak kragtens subartikel (1) kan 'n bepaling insluit-

(a) wat ooreenkom dat regsgedinge kragtens die kontrak in die howe van 'n vreemde land ingestel kan word; of

(b) waarin van die Staat se immuniteit teen gedinge in die howe van 'n vreemde land afstand gedoen word.

(3) Waar die Minister van Finansies so 'n lening waarborg, moet daardie Minister binne 15 sittingsdae nadat die kontrak gesluit is, 'n kennisgewing wat die bedrag en die tydperk van die lening aandui en die ander inligting met betrekking tot die lening wat daardie Minister toepaslik ag, in die Parlement ter tafel laat lê.

[w5j1998a42]42 Owerheid kan sekuriteit verskaf

Die Owerheid kan die geheel of 'n deel van sy bates as sekuriteit gee vir-

(a) die nakoming deur die Owerheid van enige verpligting kragtens artikel 39 of 40 aangegaan; of

(b) die betaling aan die Staat van bedrae gelyk aan bedrae wat deur die Staat kragtens 'n waarborg kragtens artikel 41 betaal is.

[w5j1998a43]43 Toepassing van Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992

(1) Die Owerheid moet voldoen aan die Wet op Verslagdoening deur Openbare Entiteite, 1992 (Wet 93 van 1992), soos op gelyste entiteite van toepassing.

(2) Tydens verslagdoening ingevolge artikel 2 van gemelde Wet moet die Owerheid 'n evaluering van sy algehele prestasie in vergelyking met die finansiële doelwitte en prestasie-aanwysers vir die betrokke jaar insluit.

Deel 2
Gelde (a 44)

[w5j1998a44]44 Gelde

(1) Behoudens hierdie artikel kan die Owerheid vasstellings maak-

(a) wat gelde oplê en die persone bepaal deur wie, en die tye wanneer, sodanige gelde betaal moet word; en

(b) wat die boetes vir die doeleindes van subartikel (8) oplê.

(2) Voordat 'n vasstelling kragtens subartikel (1) gemaak word, moet die Owerheid die Minister skriftelik kennis gee van die voorgestelde vasstelling, wat-

(a) die dag aandui vanaf wanneer die vasstelling beoog word om van krag te wees;

(b) indien dit gelde of 'n boete oplê, die grondslag van die gelde of boete aandui; en

(c) indien dit gelde of 'n boete wysig, die rede vir die wysiging aandui.

(3) Die Minister kan binne 60 dae na ontvangs van 'n kennisgewing van die voor- gestelde vasstelling die Owerheid skriftelik kennis gee van die goedkeuring of afkeuring van die voorgestelde vasstelling, maar wanneer die Minister dit doen, moet die Minister die oogmerke en werksaamhede van die Owerheid in ag neem.

(4) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (3) wat 'n voorgestelde vasstelling afkeur, kan 'n alternatiewe vasstelling voorstel.

(5) Die Owerheid kan slegs 'n vasstelling kragtens subartikel (1) maak indien-

(a) die Minister dit goedkeur; of

(b) die tydperk waarbinne die Minister kragtens subartikel (3) aan die Owerheid kan kennis gee, verstryk het sonder dat die Minister aldus kennis gegee het.

(6) Die bedrag of skaal van gelde kragtens subartikel (1) opgelê, moet redelikerwys verwant wees aan die koste wat deur die Owerheid aangegaan is of staan te word met betrekking tot die aangeleentheid waarmee die gelde verband hou, en mag nie gelykstaan met 'n belasting nie.

(7) 'n Vasstelling kragtens subartikel (1) gemaak, word in die Staatskoerant gepubliseer.

(8) Behoudens subartikel (9), waar gelde kragtens subartikel (1) opgelê nie binne die tydperk wat deur die Owerheid vasgestel is, betaal word nie, synde 'n tydperk wat op die dag begin waarop die gelde verskuldig word, moet die persoon aanspreeklik vir die betaling van die gelde die Owerheid, benewens die gelde, 'n boete betaal, bereken op die onbetaalde bedrag van die gelde vanaf die dag waarop die gelde verskuldig geword het en saamgesteld.

(9) Die boetes wat kragtens subartikel (1) vasgestel is, mag nie 'n bedrag oorskry wat ooreenstem met die voorgeskrewe persentasie van die onbetaalde bedrag van die gelde vir elke dag wat dit onbetaald is nie, bereken en saamgesteld vanaf die dag waarop die gelde verskuldig geword het.

(10) Onbetaalde gelde en boetes kan as skulde aan die Owerheid verskuldig, ingevorder word.

(11) Enige verwysing na gelde, hoe ook al uitgedruk, in die wette in artikel 2(2) bedoel, word uitgelê as 'n verwysing na die ooreenstemmende gelde kragtens hierdie artikel vasgestel.

HOOFSTUK 5
ALGEMENE BEPALINGS (aa 45-58)

[w5j1998a45]45 Bevoegdheid tot aanhouding

(1) Die Owerheid kan 'n skip ten opsigte waarvan 'n heffing, gelde of 'n verwante boete wat verskuldig is, en nie betaal is nie, op die voorgeskrewe wyse aanhou.

(2) 'n Doeanebeampte mag nie 'n uitklaringsertifikaat of geleibiljet kragtens die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964), ten opsigte van 'n skip wat kragtens subartikel (1) aan aanhouding onderworpe is, toestaan nie.

[w5j1998a46]46 Beperking van aanspreeklikheid en vrywaring van Owerheid

(1) Die Owerheid, sy beamptes en enige persoon of liggaam wat op sy gesag optree, is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade deur enigiemand gely as gevolg van enigiets te goeder trou gedoen of nie gedoen nie in die uitvoering van die Owerheid se pligte bedoel in artikel 4.

(2) (a) Die Staat vrywaar die Owerheid, sy beamptes en enige persoon of liggaam wat op sy gesag optree ten opsigte van enige siviele aanspreeklikheid deur hulle opgeloop vir verlies of skade deur enigiemand gely as gevolg van enigiets gedoen of nie gedoen nie in die uitvoering van die Owerheid se pligte bedoel in artikel 4, tot 'n bedrag gelyk aan die bedrag waarby daardie aanspreeklikheid en enige verwante redelike koste en uitgawes-

(i) die bedrag betaalbaar ten opsigte van daardie aanspreeklikheid of daardie koste en uitgawes ingevolge enige versekeringspolis of ander vorm van finansiële sekuriteit deur die Owerheid ooreenkomstig paragraaf (b) gehandhaaf, oorskry; en

(ii) enige ander bedrag deur die Owerheid verhaalbaar ten opsigte van daardie aanspreeklikheid of daardie koste en uitgawes, hetsy by wyse van 'n verhaalsreg of andersins, oorskry.

(b) Die Owerheid moet versekering of ander finansiële sekuriteit in paragraaf (a) (i) beoog tot die bedrag in oorleg met die Minister bepaal, handhaaf.

(3) (a) Die Staat is aanspreeklik vir alle onverhaalbare redelike koste en uitgawes deur die Owerheid aangegaan of aangegaan staan te word in die uitvoering van enige plig bedoel in artikel 4 om besoedeling van die mariene omgewing deur skepe te voorkom of te bestry.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) word koste en uitgawes onverhaalbaar geag te wees indien, en in die mate dat-

(i) geen aanspreeklikheid vir die koste en uitgawes kragtens enige wet ontstaan nie;

(ii) die persoon aanspreeklik vir die koste en uitgawes kragtens enige wet nie finansieel in staat is om sy of haar verpligtinge ten volle na te kom nie en enige finansiële sekuriteit wat voorsien mag word dit nie dek nie of onvoldoende is om aan die eis vir koste en uitgawes te voldoen; of

(iii) die koste en uitgawes enige statutêre aanspreeklikheidsperk oorskry, en nie andersins ingevolge enige wet verhaalbaar is nie.

[w5j1998a47]47 Delegering deur Minister

Die Minister kan alle of enige van die bevoegdhede in artikels 31, 32, 35, 36 en 49 beoog, aan 'n beampte van die Departement delegeer.

[w5j1998a48]48 Delegering deur Owerheid

Die Owerheid kan, by geskrewe dokument, alle of enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet of enige ander wet delegeer, maar die bevoegdhede kragtens artikels 40, 42 en 44 (1) kan slegs aan 'n beampte gedelegeer word.

[w5j1998a49]49 Vervanging van Staat deur Owerheid in sekere kontrakte, ens.

Indien die Minister aldus skriftelik verklaar, word 'n bepaalde kontrak of ander instrument waartoe die Staat of die Regering as 'n party verbind is, en wat betrekking het op 'n bate onmiddellik voor die oordrag van daardie bate aan die Owerheid kragtens hierdie Wet, na die oordrag geag, in die mate waartoe die kontrak of instrument aldus betrekking het, asof-

(a) die Staat of die Regering deur die Owerheid as party vervang is; en

(b) enige verwysing na die Staat of die Regering met betrekking tot aangeleenthede wat na die oordrag gebeur, 'n verwysing na die Owerheid is.

[w5j1998a50]50 Publikasie van lasgewings

Waar die Minister 'n lasgewing kragtens artikel 7 of 30 doen, moet die Minister 'n afskrif van die lasgewing binne 21 dae nadat dit gedoen is in die Staatskoerant laat publiseer.

[w5j1998a51]51 Ondersoekkommissie na mariene ongevalle

(1) Die Minister kan 'n onafhanklike kommissie instel om verslae oor ongevalle wat deur die Owerheid ingevolge enige wet bedoel in artikel 2 (2) voorberei is, te ontvang en te evalueer.

(2) 'n Kommissie kragtens subartikel (1) ingestel, doen regstreeks aan die Minister verslag.

[w5j1998a52]52 Sekere werksaamhede van Owerheid deur Staatsdepartement verrig te word

(1) Die verantwoordelikheid vir aangeleenthede met betrekking tot die bestryding van besoedeling vermeld in Marienekennisgewing 2 van 1996 deur die Departement op 24 Januarie 1996 uitgereik soos van tyd tot tyd gewysig, word vir alle doeleindes geag aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme by hierdie Wet opgedra te wees.

(2) Die Minister kan, met die instemming van die Minister van Omgewingsake en Toerisme, by kennisgewing in die Staatskoerant hierdie artikel wysig of herroep ooreenkomstig die verdere ontwikkeling van rasionaliseringsbeleid.

[w5j1998a53]53 Regulasies

(1) Die Minister kan regulasies wat nie strydig met hierdie Wet is nie uitvaardig-

(a) wat alle aangeleenthede wat deur hierdie Wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word, voorskryf;

(b) wat die wyse voorskryf waarop en die persone of liggame deur wie gelde, heffings en verwante boetes ingesamel moet word, en die wyse waarop sekuriteit verskaf kan word vir die betaling van sodanige gelde, heffings en verwante boetes;

(c) wat die aanhouding van skepe vir die doeleindes van artikel 45 reël; en

(d) wat alle aangeleenthede wat nodig of dienstig is om voor te skryf vir die beter verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet voorskryf.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) kan die bykomstige, aanvullende of oorgangsbepalings bevat wat redelikerwys nodig of dienstig is.

[w5j1998a54]54 Toepassing van Wet op Prince Edward-eilande

Hierdie Wet is ook van toepassing op die Prince Edward-eilande bedoel in artikel 1 van die Wet op die Prince Edward-eilande, 1948 (Wet 43 van 1948).

[w5j1998a55]55 Wysiging van artikel 1 van Wet 105 van 1983, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 87 van 1992

Artikel 1 van die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie, 1983, word hierby gewysig deur paragraaf (r) van die omskrywing van "maritieme eis" deur die volgende paragraaf te vervang:

"(r) dok-, of hawe- of soortgelyke gelde, en enige gelde, heffing of boete kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, of die Wet op Heffings van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, opgelê;".

[w5j1998a56]56 Wysiging van artikel 11 van Wet 105 van 1983, soos vervang deur artikel 9 van Wet 87 van 1992

Artikel 11 van die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie, 1983, word hierby gewysig deur subparagraaf (ii) van paragraaf (c) van subartikel (4) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) ten opsigte van hawe-, kanaal-, ander watergang- of loodsgelde, en enige gelde, heffing of boete kragtens die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, of die Wet op Heffings van die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, opgelê;".

[w5j1998a57]57 Oorgangsbepalings

(1) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling kan die Minister gedurende die tydperk vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie artikel tot die oordragdatum die stappe doen of die dinge magtig om gedoen te word, wat redelikerwys nodig is om-

(a) die oordrag van werksaamhede deur die Departement verrig aan die Ower- heid; en

(b) die bestuur van die Owerheid,

te bevorder.

(2) Ondanks enige andersluidende bepaling in hierdie Wet vervat, moet die Minister gedurende die tydperk vermeld in subartikel (1) die besigheidsplan wat met die oordragdatum in werking tree, goedkeur.

[w5j1998a58]58 Kort titel en inwerkingtreding

(1) Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die Staatskoerant bepaal.

(2) Die wysigings in die derde kolom van die Bylae vervat, word van krag op die oordragdatum.

Bylae
UITVOERING VAN WETTE OORGEDRA

(Artikel 2(2))

No. en jaar van wet	Titel	Omvang van wysiging
Wet 57 van 1951	Handelskeepvaartwet, 1951	1. Die wysiging van artikel 2- (a) deur in subartikel (1) in die omskrywing van "eerste beampte" die woorde "Marine-afdeling van die Departement van Vervoer" deur die woord "Owerheid" te vervang;

(b) deur in subartikel (1) in die omskrywing van "marine-kennisgewing" die woorde "Departement van Vervoer" deur die woord "Owerheid" te vervang;
(c) deur in subartikel (1) na die omskrywing van "opnemer" die volgende omskrywing in te voeg:

"'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;"; en
(d) deur in subartikel (1) in die omskrywing van "registerton" en "registertonnemaat" die woord "Direkteur-generaal" deur die woord "Owerheid" te vervang.

2. Die vervanging van artikel 5 deur die volgende artikel:

"5 Owerheid verantwoordelik vir uitvoering van Wet

(1) Die Owerheid is verantwoordelik vir die uitvoering van hierdie Wet en het beheer oor alle aanverwante sake.

(2) Die Owerheid het, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet, die bevoegdhede en voer die pligte uit wat deur die Minister aan hom toegewys word.

(3) Alle bevoegdhede toegewys en alle pligte opgelê aan die Owerheid kan deur die Owerheid uitgeoefen of verrig word of deur 'n persoon of organisasie kragtens 'n delegasie van of onder die beheer of voorskrif van die Owerheid.".

3. Die wysiging van artikel 12 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) As die Owerheid rede het om te meen dat daar twyfel bestaan oor die reg van 'n skip wat geregistreer is as 'n Suid-Afrikaanse skip, om aldus geregistreer te wees, kan hy aan die bevoegde beampte van die registrasiehawe van die skip opdrag gee om te eis dat tot sy oortuiging bewys gelewer word dat die skip geregtig is op registrasie as 'n Suid-Afrikaanse skip.".

4. Die wysiging van artikel 18 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) As dit vir die Owerheid uit die verslag van 'n opnemer wat aldus gelas is om 'n skip te inspekteer, blyk dat daardie skip se tonnemaat wat aldus aangegee is, wesentlik verskil van wat sy tonnemaat sou gewees het as dit kragtens hierdie Wet opgemeet was, of dat sy konstruksie en uitrusting betreffende genoemde ruimte vir die bepaling van sy tonnemaat nie aan genoemde standaarde voldoen nie, of as dit om enige rede vir die Owerheid blyk dat die tonnemaat van 'n skip wat aldus geregistreer is, foutief bereken is, kan hy beveel dat ondanks enige opdrag kragtens hierdie artikel wat dan van krag is, daardie skip of enige skip wat in die land geregistreer is waarop die opdrag betrekking het, vir alle of enige doeleindes van hierdie Wet ooreenkomstig hierdie Wet opgeneem moet word.".

5. Die vervanging van artikel 31 deur die volgende artikel:

"31 Tydelike passe instede van registrasiesertifikate

Wanneer die Owerheid dit vanweë besondere omstandighede wenslik ag dat aan 'n skip wat ingevolge hierdie Wet geregtig is om in die Republiek geregistreer te word, of ingevolge die wette wat in 'n ander verdragland van krag is, geregtig is om in daardie verdragland geregistreer te word, verlof gegee word om uit te vaar sonder dat dit eers geregistreer word, kan hy die verlening van 'n pas in die voorgeskrewe vorm magtig wat die skip toelaat om uit 'n hawe in die Republiek na 'n ander hawe in die Republiek of, na gelang van die geval, na 'n hawe in daardie ander verdragland te gaan, en daardie pas word vir die tydperk en binne die beperkings wat daarin vermeld word, geag 'n registrasiesertifikaat te wees.".

6. Die wysiging van artikel 43 deur subartikels (3), (4) en (5) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(3) Wanneer so 'n aansoek aan hom gerig word, gelas die Owerheid dat 'n kennisgewing van die aansoek in die Staatskoerant en in die koerante gepubliseer en op die persone gedien word wat hy bepaal. Die kennisgewing is in die vorm wat die Owerheid goedkeur en roep alle persone op wat teen die uitreiking van die bevel beswaar mag maak, om hul besware skriftelik binne 'n tydperk deur die Owerheid bepaal en in die kennisgewing vermeld by hom in te dien.

(4) Nadat bewys gelewer is dat die kennisgewing behoorlik gepubliseer en gedien is, en as geen skriftelike beswaar binne die tydperk in die kennisgewing vermeld by die Owerheid ingedien is nie en hy oortuig is van die billikheid van die applikant se aanspraak, reik hy die aangevraagde bevel uit.

(5) As skriftelike beswaar binne die tydperk in die kennisgewing vermeld by die Owerheid ingedien word, of as hy nie oortuig is van die billikheid van die applikant se aanspraak nie, weier hy om so 'n bevel uit te reik.".

7. Die wysiging van artikel 73 deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Wanneer die Owerheid uit 'n verslag deur 'n opnemer daarvan oortuig is dat dit onredelik sou wees om van die eienaar van 'n skip wat voor die inwerkingtreding van hierdie artikel gebou was, te verlang dat hy aan boord van daardie skip die akkommodasie sou moet verskaf wat nodig sou wees om die aantal offisiere of ander persone wat ingevolge subartikel (1) of ingevolge 'n kragtens subartikel (2) uitgereikte kennisgewing in diens moet wees, te akkommodeer, kan hy ten opsigte van daardie skip die vereistes van subartikel (1) of van daardie kennisgewing na goeddunke wysig.".

8. Die wysiging van artikel 77 deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

": Met dien verstande dat die Owerheid, na goeddunke, en onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, iemand wat 'n burger van enige ander land is tot bedoelde eksamen kan toelaat indien hy óf die kwalifikasies besit wat by regulasie voorgeskryf is óf kwalifikasies wat volgens die Owerheid se oordeel nie laer is nie dan dié aldus voorgeskryf.".

9. Die wysiging van artikel 79 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid kan aan die applikant 'n paslike bekwaamheidsertifikaat toeken wat na die Owerheid se mening getuig van die houer se besit van kwalifikasies en 'n graad van bekwaamheid wat nie hoër is dan dié waarvan die sertifikaat, op die besit waarvan die aansoek gegrond is, getuig nie: Met dien verstande dat voordat die toekenning geskied, die Owerheid kan vereis dat laasgenoemde sertifikaat aan hom afgegee word.".

10. Die wysiging van artikel 83 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van artikel 73, kan die Owerheid, na goeddunke en vir die tydperke en onderhewig aan die voorwaardes wat hy bepaal, op 'n Suid-Afrikaanse skip wat uitvaar uit enige hawe hoegenaamd of op 'n verdragskip behalwe 'n Suid-Afrikaanse skip wat uitvaar uit 'n hawe in die Republiek die indiensneming toelaat, in stede van 'n persoon behoorlik gediplomeerd kragtens hierdie Wet of wat ingevolge die ander bepalings van hierdie Wet geag word aldus gediplomeerd te wees, van 'n persoon wat die houer is van 'n in subartikel (1) bedoelde bekwaamheidsertifikaat of dienssertifikaat, en wat voldoende kennis het van een van

die amptelike tale van die Republiek om die nodige bevele te kan gee in die uitvoering van sy pligte; en solank sodanige toelating van krag bly, en indien die voorwaardes van toekenning nagekom word, word die persoon wat aldus in diens geneem is, geag behoorlik kragtens hierdie Wet gediplomeerd te wees ten opsigte van sodanige skip, mits sy sertifikaat van 'n graad is wat pas by sy rang op sodanige skip, of van 'n hoër graad is.".

11. Die vervanging van artikel 85 deur die volgende artikel:

"85 Owerheid kan vereistes vir sertifikate wysig

Ondanks die bepalings van artikel 73 kan die Owerheid na goeddunke en vir die tydperke en onderhewig aan die voorwaardes wat hy bepaal as hy oortuig is dat geen geskikte houer van 'n sertifikaat van die vereiste graad kragtens hierdie Wet toegeken of in artikel 83 of 84 bedoel of kragtens artikel 354 erken, beskikbaar is nie, 'n Suid-Afrikaanse skip toelaat om uit enige hawe waar ook al, uit te vaar of 'n ander skip as 'n Suid-Afrikaanse skip toelaat om uit 'n hawe in die Republiek uit te vaar, sonder die voorgeskrewe aantal gediplomeerde offisiere; en solank sodanige permissie van krag bly, word geag dat geen persoon wat uit hoofde daarvan optree, solank die voorwaardes van toekenning nagekom word, die bepalings van artikel 73 oortree het nie.".

12. Die wysiging van artikel 87 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) As die Owerheid na oorweging van die verslag oor die mediese ondersoek oortuig is dat die betrokke persoon weens aanhoudende slegte gesondheid of geestes- of liggaamsgebrek onbekwaam is om die pligte waarop sy bekwaamheid- of dienssertifikaat betrekking het op bevredigende wyse te verrig, kan hy opdrag gee dat totdat hy oortuig is dat die houer van die sertifikaat weer in staat geword het om die pligte waarop genoemde sertifikaat betrekking het op bevredigende wyse te verrig, die houer nie in die hoedanigheid waarna in die sertifikaat verwys word of in enige ander deur die Owerheid bepaalde hoedanigheid, in diens geneem word of ter see uitvaar nie.".

13. Die wysiging van artikel 90 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Niemand word aan boord van 'n Suid-Afrikaanse skip as kadet in diens geneem nie tensy hy 'n Suid-Afrikaanse burger is of 'n burger is van 'n verdragland (behalwe die Republiek) of 'n burger is van enige ander land wat die Owerheid na goeddunke en onderworpe aan enige voorwaardes wat hy opgelê het, toegelaat het om aldus in diens geneem te word, en die ouderdom van sestien jaar bereik het en die gesagvoerder van die skip onderneem om hom op te lei of te laat oplei in navigasie en seemanskap of in die ingenieurswese en in die pligte van 'n skeepsoffisier.".

14. Die wysiging van artikel 93 deur subparagraaf (iii) van paragraaf (a) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(iii) 'n Suid-Afrikaanse burger is of 'n burger is van 'n verdragland (behalwe die Republiek) of 'n burger is van enige ander land wat die Owerheid na goeddunke en onderworpe aan enige voorwaardes wat hy opgelê het, toegelaat het om 'n leerkontrak aan te gaan, en die ouderdom van sestien jaar bereik het;".

15. Die wysiging van artikel 111 deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) op die gebruik van 'n jong persoon vir voorgenoemde werk in 'n skoolskip of opleidingskip as die werk van 'n deur die Owerheid goedgekeurde aard is en uitgevoer word onder die toesig van deur hom goedgekeurde of aangestelde offisiere; of".

16. Die wysiging van artikel 112 deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die Owerheid kan aan elke persoon wat tot sy bevrediging bewys lewer dat hy voor die inwerkingtreding van hierdie artikel in 'n Suid-Afrikaanse skip as volle seeman of met 'n gelyke of 'n hoër dek-status in diens was, 'n bevoegdheidsertifikaat as volle seeman toestaan.".

17. Die wysiging van artikel 153 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) 'n Duplikaat-ooreenkoms met die bemanning wat ingevolge paragraaf (c) van artikel 103 aan 'n bevoegde beampte oorhandig is of 'n verklaring van 'n verandering van die bemanning wat ingevolge artikel 104 aan 'n bevoegde beampte gestuur is ten tyde van die vertrek van die skip uit die hawe wat die skip laas binnegevaar het, en 'n sertifikaat wat na voorgegee word 'n sertifikaat ingevolge artikel 105 (1) uitgereik, is waarin verklaar word dat sekere seelui en leerling-offisiere by genoemde hawe by die skip aangesluit het, word, as dit deur die Owerheid ingedien word, geag by afwesigheid van andersluidende bewys voldoende bewys te wees dat die seelui en leerling-offisiere daarin as behorende tot die skip vermeld, aan boord was op die tydstip toe die skip verlore gegaan het.".

18. Die wysiging van artikel 158-

(a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien die Owerheid-";

(b) deur in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf (b) volg deur die volgende woorde te vervang:

"kan die Owerheid opdrag gee dat die skip toegerus word met 'n yskas van 'n deur hom goedgekeurde inhoud en ontwerp, in plaas van met 'n koelkamer."; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) As die Owerheid oortuig is dat weens die aard en omstandighede van die voorgestelde reis van die skip die verskaffing van 'n koelkamer of 'n yskas onredelik of onnodig sou wees, kan hy die skip van die bepalings van hierdie artikel vrystel.".

19. Die vervanging van artikels 192 en 193 deur onderskeidelik die volgende artikels:

"192 Uitreik van veiligheidskonvensiesertifikate ten aansien van passasierskepe

As die Owerheid na oorweging van die verslag van 'n opnemer oortuig is-

(a) dat 'n passasierskip wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, ooreenkomstig al die vereistes van die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die radio-regulasies, die regulasies in verband met botsings en enige ander regulasies wat uitgevaardig is en wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise of op kort internasionale reise vaar, gebou en toegerus is, laat hy ten aansien van daardie skip 'n passasierskipveiligheidsertifikaat vir 'n internasionale reis of 'n kort internasionale reis, na gelang van die geval, uitreik;

(c) dat 'n passasierskip wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, uit hoofde van die uitoefening deur hom van 'n bevoegdheid aan hom verleen deur die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die radio-regulasies, die regulasies in verband met botsings of enige ander regulasies wat uitgevaardig is, vrygestel is van een of ander van die vereistes van gemelde regulasies wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise of op kort internasionale reise vaar of in een of ander spesiale passasiersvervoer op daardie reise gebruik word, en dat dit ooreenkomstig die oorblywende vereistes gebou en toegerus

is, laat hy ten aansien van daardie skip 'n vrystellingsertifikaat en 'n passasierskipveiligheidsertifikaat uitreik.

193 Uitreik van veiligheidskonvensiesertifikate ten aansien van ander skepe as passasierskepe

As die Owerheid na oorweging van die verslag van 'n opnemer oortuig is-

(1) dat 'n skip (behalwe 'n passasierskip) waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is en wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, ooreenkomstig al die vereistes van die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die regulasies in verband met botsings en enige ander regulasies wat uitgevaardig is en wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise vaar, gebou en toegerus is, laat hy ten aansien van daardie skip-

(a) 'n vragskipveiligheidskonstruksiesertifikaat uitreik met betrekking tot die aangeleenthede wat van toepassing is op die uitreiking van so 'n sertifikaat; en

(b) 'n vragskipveiligheidsuitrustingsertifikaat uitreik met betrekking tot die aangeleenthede wat van toepassing is op die uitreiking van so 'n sertifikaat;

(2) dat 'n skip (behalwe 'n passasierskip) waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is en wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, uit hoofde van die uitoefening deur hom van 'n bevoegdheid aan hom verleen deur die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die regulasies in verband met botsings of enige ander regulasies wat uitgevaardig is, vrygestel is van een of ander van die vereistes van gemelde regulasies wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise vaar, en dat dit ooreenkomstig die oorblywende vereistes gebou en toegerus is, laat hy ten aansien van daardie skip-

(a) 'n vrystellingsertifikaat en 'n vragskipveiligheidskonstruksiesertifikaat uitreik, as die aangeleenthede waarvan die skip vrygestel is betrekking het op laasgenoemde sertifikaat; en

(b) 'n vrystellingsertifikaat en 'n vragskipveiligheidsuitrustingsertifikaat uitreik, as die aangeleenthede waarvan die skip vrygestel is, betrekking het op laasgenoemde sertifikaat;

(3) dat 'n skip (behalwe 'n passasierskip) waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is en wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, ooreenkomstig al die vereistes van die radio-regulasies wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise vaar, toegerus is, laat hy ten aansien van die skip 'n vragskipveiligheidsradiosertifikaat uitreik;

(4) dat 'n skip (behalwe 'n passasierskip) waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is en wat volgens hierdie Wet geregistreer moet wees, uit hoofde van die uitoefening deur hom van 'n bevoegdheid aan hom verleen deur die radio-regulasies, vrygestel is van die een of ander van of al die vereistes van gemelde regulasies wat op die skip van toepassing is wanneer dit op internasionale reise vaar, en dat dit ooreenkomstig die oorblywende vereistes (as daar is) toegerus is, laat hy ten aansien van die skip-

(a) 'n vrystellingsertifikaat uitreik; en

(b) in die geval van 'n skip wat nie van al gemelde vereistes vrygestel is nie 'n vragskipveiligheids- radiosertifikaat uitreik.".

20. Die wysiging van artikel 194 deur in subartikel (1) die woorde wat subparagraaf (i) van paragraaf (b) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"As die Owerheid na oorweging van die verslag van 'n opnemer oortuig is dat 'n in subartikel (2) bedoelde vaartuig-

(a) ooreenkomstig al die vereistes van die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die radio-regulasies, die regulasies in verband met botsings en enige ander regulasies wat uitgevaardig is en wat op die vaartuig van toepassing sou wees wanneer dit gebruik word op die reise waarop of vir die werk waarvoor dit bestem is om gebruik te word, gebou en toegerus is, laat hy ten aansien van die vaartuig 'n plaaslike algemene veiligheidsertifikaat uitreik, waarin verklaar word dat die vaartuig aldus gebou en toegerus is, en waarin vermeld word die reise waarop en die werk waarvoor die sertifikaat vir die gebruik van die vaartuig magtiging verleen;

(b) uit hoofde van die uitoefening deur hom van 'n bevoegdheid aan hom verleen deur die in paragraaf (a) bedoelde regulasies, vrygestel is van een of ander van die vereistes van gemelde regulasies en ooreenkomstig die oorblywende vereistes gebou en toegerus is, laat hy ten aansien van die vaartuig-".

21. Die wysiging van artikel 196 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) As 'n passasierskip in die Republiek geregistreer, ten aansien waarvan 'n veiligheidskonvensiesertifikaat van krag is, op enige internasionale reis 'n totale aantal persone aan boord het kleiner as die getal in daardie sertifikaat vermeld as die getal waarvoor die reddingstoestelle op die skip voorsiening maak, kan die Owerheid op versoek van die skip se gesagvoerder 'n memorandum uitreik waarin die totale aantal persone wat op daardie skip op daardie reis vervoer word, vermeld word, en die gevolglike modifikasie wat vir daardie reis in die besonderhede betreffende reddingstoestelle vermeld in die sertifikaat gemaak kan word, en daardie memorandum word aan die sertifikaat geheg.".

22. Die wysiging van artikel 197 deur paragrawe (a) en (b) van subartikel (3) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

"(a) Die Owerheid kan verlenging van-

(i) 'n veiligheidskonvensiesertifikaat, behalwe 'n vragskipveiligheidskonstruksiesertifikaat; of

(ii) 'n plaaslike veiligheidsertifikaat, wat ten aansien van 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde of gelisensieerde vaartuig uitgereik is, toestaan vir 'n tydperk van hoogstens een maand vanaf die datum waarop die sertifikaat, indien dit nie vir die verlenging was nie, sou verstryk het, of, indien die vaartuig op daardie datum uit die Republiek afwesig is, vir 'n tydperk van hoogstens vyf maande vanaf daardie datum.

(b) As 'n veiligheidskonvensiesertifi- kaat behalwe 'n vragskipveiligheidskonstruk-siesertifikaat wat uitgereik is ten opsigte van 'n skip wat nie in die Republiek geregistreer is nie, verstryk terwyl daardie skip in 'n hawe in die Republiek is, kan die Owerheid daardie sertifikaat om gegronde redes verleng vir 'n tydperk van nie langer nie as vyf maande met die uitsluitlike doel om daardie skip in staat te stel om sy vaart na die land waarin dit geregistreer is of ondersoek moet word, voort te sit.".

23. Die wysiging van artikel 198 deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan gelas dat 'n veiligheidskonvensiesertifikaat of 'n plaaslike veiligheidsertifikaat gekanselleer word indien hy uit hoofde van die inhoud van 'n opnemer se verslag, of om enige ander rede, daarvan oortuig is dat-".

24. Die vervanging van artikel 199 deur die volgende artikel:

"199 Aflewering van verstreke of gekanselleerde veiligheidskonvensie- of plaaslike veiligheidsertifikaat

(1) 'n Veiligheidskonvensie- sertifikaat of 'n plaaslike veiligheidsertifikaat wat verstryk het of wat gekanselleer is, word deur die eienaar of gesagvoerder van die skip op aanvraag aan die Owerheid afgelewer.

(2) As 'n sertifikaat wat volgens subartikel (1) afgelewer moet word, nie afgelewer word nie, kan die Owerheid die skip laat aanhou totdat die sertifikaat afgelewer is.".

25. Die wysiging van artikel 202 deur in subartikel (2) die eerste sin deur die volgende sin te vervang:

"Die Owerheid kan, op versoek van die Regering van 'n land waarop die Veiligheidskonvensie van toepassing is, 'n geskikte veiligheidskonvensiesertifikaat laat uitreik ten aansien van 'n skip wat in daardie land geregistreer is, as hy oortuig is, op dieselfde wyse as in die geval van 'n skip wat in die Republiek geregistreer is, dat die sertifikaat gevoeglik uitgereik kan word: Met dien verstande dat hy die sertifikaat kan laat uitreik as hy oortuig is dat die skip ooreenkomstig al die vereistes van die regulasies in verband met konstruksie, die regulasies vir reddingsuitrusting, die radio-regulasies en enige ander regulasies wat uitgevaardig is en wat op die skip van toepassing is en op die reise waarop die skip bestem is om gebruik te word, gebou en toegerus is, vir sover daardie vereistes, vereistes is van die Veiligheidskonvensie wat soos vermeld van toepassing is, ondanks die feit (as dit wel 'n feit is) dat die skip nie ooreenkomstig enige vereistes van gemelde regulasies wat nie toepaslike vereistes van die Veiligheidskonvensie is nie, gebou of toegerus is nie, en dat die skip ooreenkomstig die vereistes van die regulasies in verband met botsings toegerus is.".

26. Die wysiging van artikel 203-

(a) deur subartikels (5) en (6) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(5) Ondanks die bepalings van subartikel (3) (a), as die nie-Suid-Afrikaanse veiligheidskonvensiesertifikaat wat ten aansien van so 'n skip vertoon word, die maksimum aantal persone wat die skip geskik is om te vervoer aantoon, of as behalwe die nie-Suid-Afrikaanse veiligheidskonvensiesertifikaat daar ook 'n sertifikaat vertoon word uitgereik deur of op gesag van die Regering van die land waarin die skip geregistreer is, wat die maksimum aantal persone aantoon wat die skip geskik is om te vervoer, en die Owerheid oortuig is dat daardie getal wesentlik op dieselfde wyse vasgestel is as wat dit in die geval van 'n in die Republiek geregistreerde skip vasgestel sou gewees het, kan hy, as hy dit goed ag, afsien van enige inspeksie van die skip met die doel om die maksimum aantal persone vas te stel wat die skip geskik is om te vervoer.

(6) As die Owerheid na oorweging van die verslag van 'n opnemer van 'n inspeksie wat kragtens subartikel (3) (b) gemaak is, oortuig is dat 'n skip ten aansien waarvan 'n nie-Suid-Afrikaanse veiligheidskonvensiesertifikaat vertoon is, onseewaardig is, kan hy gelas dat gemelde sertifikaat nie in die Republiek erken word nie, en daarna het gemelde sertifikaat geen uitwerking in die Republiek nie."; en

(b) deur in subartikel (7) die voorbehoudsbepaling deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

"Met dien verstande dat as, na oorweging van die verslag van 'n opnemer oor 'n inspeksie van daardie skip, die Owerheid oortuig is dat dit nie in die toestand van seewaardigheid is wat in daardie sertifikaat aangetoon word nie, hy kan gelas dat die sertifikaat nie in die Republiek erken word nie, en daarna het gemelde sertifikaat geen uitwerking in die Republiek nie.".

27. Die wysiging van artikel 204 deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien na oorweging van die verslag van 'n opnemer oor sy inspeksie van 'n in die Republiek geregistreerde laslynskip, die Owerheid oortuig is dat die skip uit hoofde van die uitoefening deur hom van 'n bevoegdheid aan hom verleen deur die laslynregulasies, vrygestel is van die een of ander van of al die vereistes van gemelde regulasies en dat dit aan die oorblywende vereistes (as daar is) voldoen, laat die Owerheid ten aansien van daardie skip-".

28. Die wysiging van artikel 207-

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien na oorweging van die verslag van 'n opnemer oor sy inspeksie van 'n in die Republiek geregistreerde laslynskip, die Owerheid oortuig is dat-"; en

(b) deur die woorde wat op paragraaf (c) volg en subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"laat die Owerheid ten aansien van daardie skip-".

29. Die wysiging van artikel 209 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid kan verlenging van 'n internasionale laslynsertifikaat of van 'n plaaslike laslynsertifikaat, wat ten aansien van 'n kragtens hierdie Wet geregistreerde skip uitgereik is, toestaan vir 'n tydperk van hoogstens een maand vanaf die datum waarop die sertifikaat, indien dit nie vir die verlenging was nie, sou verstryk het, of, indien die skip op daardie datum uit die Republiek afwesig is, vir 'n tydperk van hoogstens vyf maande vanaf daardie datum.".

30. Die wysiging van artikel 210 deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan gelas dat 'n internasionale laslynsertifikaat of 'n plaaslike laslynsertifikaat gekanselleer word, indien hy oortuig is dat-".

31. Die vervanging van artikel 211 deur die volgende artikel:

"211 Aflewering van verstreke of gekanselleerde laslynsertifikaat

(1) 'n Laslynsertifikaat wat verstryk het of wat gekanselleer is, word deur die eienaar of gesagvoerder van die skip op aanvraag aan die Owerheid afgelewer.

(2) As 'n sertifikaat wat volgens subartikel (1) afgelewer moet word, nie afgelewer word nie, kan die Owerheid die skip laat aanhou totdat die sertifikaat afgelewer is.".

32. Die wysiging van artikel 215 deur in subartikel (2) die eerste sin deur die volgende sin te vervang:

"Die Owerheid kan op versoek van die Regering van 'n land waarop die Laslynkonvensie van toepassing is, 'n internasionale laslynsertifikaat laat uitreik ten aansien van 'n laslynskip wat in daardie land geregistreer is, as hy oortuig is, op dieselfde wyse as in die geval van 'n skip wat in die Republiek geregistreer is, dat die sertifikaat gevoeglik uitgereik kan word: Met dien verstande dat hy die sertifikaat kan laat uitreik as hy oortuig is dat die skip ooreenkomstig die vereistes van die laslynregulasies met deklyne en laslyne gemerk is, vir sover as daardie vereistes, vereistes is van die Laslynkonvensie, ondanks die feit (as dit wel 'n feit is) dat die skip nie ooreenkomstig enige vereistes van gemelde regulasies wat nie vereistes van die Laslynkonvensie is nie, met deklyne en laslyne gemerk is nie.".

33. Die wysiging van artikel 217 deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) as 'n spesiale laslynsertifikaat ten aansien van 'n laslynskip wat geregistreer is in 'n land waarop die Laslynkonvensie nie van toepassing is nie, uitgereik is, dit dienstig is ten opsigte van internasionale reise sowel as ander reise,

maar as dit uitgereik is ten aansien van 'n laslynskip geregistreer in 'n land waarop die Laslynkonvensie van toepassing is, dit net geldig is solank die skip nie op internasionale reise vaar nie, en dit geëndosseer word met 'n verklaring te dien effekte, en dit deur die Owerheid gekanselleer kan word as hy oortuig is dat die skip aldus vaar; en".

34. Die wysiging van artikel 231 deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) Die Owerheid kan weier om enige sein te registreer wat na sy mening nie maklik onderskei kan word van seine wat in algemene gebruik is as noodseine, seine vir loodse, dringende seine, seine wat voorgeskryf is om aan te dui dat 'n boodskap van gevaar op die punt staan om gestuur te word, of van seine op die naam van 'n ander persoon geregistreer nie.

(3) Die Owerheid kan, as hy dit goed ag, die registrasie van enige sein te eniger tyd kanselleer.".

35. Die wysiging van artikel 239-

(a) deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"As die Owerheid weens die inhoud van 'n verslag ingevolge subartikel (1) gedoen, of om enige ander rede, van mening is of vermoed-"; en

(b) deur in die Engelse teks in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf (c) volg deur die volgende woorde te vervang:

"it may give special directions for the inspection of the ship by a surveyor, notwithstanding the fact that a safety convention certificate, a local safety certificate or a load line certificate is still in force in respect of that ship.".

36. Die wysiging van artikel 247 deur subartikel (1) deur die volgende artikel te vervang:

"(1) As dit by inspeksie vasgestel word dat enige skip wat kragtens artikel 243 aangehou is, nie 'n onseewaardige skip was nie, betaal die klaer aan die Owerheid die onkoste wat in verband met die inspeksie aangegaan is, en as dit bewys word dat geen redelike oorsaak vir die aanhouding van die skip weens die toestand van die skip of die handeling of versuim van die eienaar of gesagvoerder bestaan het nie, betaal die Owerheid aan die eienaar vergoeding vir skade wat hy gely het omrede dat die skip aangehou is.".

37. Die wysiging van artikel 262 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) In die geval van 'n vreemde skip waarvan die maat nie volgens die wette van die Republiek geneem kan word nie, reik die Owerheid na oorweging van die beskikbare getuienis oor die afmetings van die skip 'n sertifikaat uit wat vermeld wat na sy mening die tonnemaat van die skip sou gewees het as dit volgens die wette van die Republiek gemeet was; en die tonnemaat wat aldus in sodanige sertifikaat vermeld staan, word by die toepassing van artikel 261 geag die tonnemaat van die skip te wees.".

38. Die wysiging van artikel 264-

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan na goeddunke 'n bevoegde persoon aanstel om 'n voorlopige ondersoek in te stel-"; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid kan die Direkteur-generaal van Arbeid versoek om 'n persoon wat kragtens die bepalings van artikel 28 van die Wet op Beroepsgesondheid

en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), as 'n inspekteur aangewys is, af te staan om 'n persoon by te staan wat kragtens subartikel (1) aangestel is om 'n voorlopige ondersoek in te stel.".

39. Die wysiging van artikel 282 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) As die Owerheid meen dat by 'n appél na 'n opnemingshof 'n vraag van konstruksie of ontwerp of 'n moeilike wetenskaplike vraag of 'n belangrike beginsel betrokke is, kan hy die appél na een of meer deskundiges verwys wat deur die Minister goedgekeur is en wat volgens ooreenkoms tussen die Owerheid en die appellant of, by afwesigheid van so 'n ooreenkoms, deur die Minister uitgekies is, en daarna word die appél deur sodanige deskundiges in stede van deur die hof beslis.".

40. Die vervanging van artikel 288 deur die volgende artikel:

"288 Aflewering van Republiek-sertifikaat wat gekanselleer of opgeskort is

'n Gesagvoerder of lid van die bemanning wat die houer is van 'n sertifikaat wat in die Republiek uitgereik is, lewer sy sertifikaat op aanvraag aan die hof, of as dit nie deur die hof opgeëis word nie, aan die Owerheid, indien sodanige sertifikaat deur die Owerheid of 'n hof van marine-ondersoek gekanselleer of opgeskort is of deur 'n seehof opgeskort is.".

41. Die wysiging van artikel 323 deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Die Owerheid laat die bedrag van die boete in die Maritieme Fonds ingestel by artikel 38 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, stort as hy oortuig is dat enige sodanige daad van wangedrag gepleeg was en dat die aftrekking van 'n boete behoorlik gedoen is; en as die Owerheid nie aldus oortuig is nie, laat hy die bedrag wat afgetrek is, aan die seeman terugbetaal.".

42. Die wysiging van artikel 324 deur subartikels (1) en (2) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(1) As iemand-

(a) aan die Owerheid erken dat hy enige bepaling van hierdie Wet oortree het, of dat hy in gebreke gebly het om aan so 'n bepaling waaraan dit sy plig was om te voldoen, te voldoen; en

(b) instem om hom aan die Owerheid se beslissing te onderwerp; en

(c) die bedrag by die Owerheid deponeer wat van hom verlang word, maar nie meer as die maksimum boete wat by 'n skuldigbevinding weens die betrokke oortreding of versuim opgelê kan word nie,

kan die Owerheid, na die ondersoek wat hy nodig ag, die saak summier beslis en sonder regsgeding beveel dat die geheel of enige gedeelte van genoemde deposito by wyse van boete verbeur word.

(2) Daar is 'n reg van appél na die Minister teen 'n beslissing of bevel deur die Owerheid kragtens subartikel (1) waarby 'n boete van hoër as R2 000 opgelê word, mits sodanige reg binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van die beslissing of bevel uitgeoefen word.".

43. Die wysiging van artikel 325-

(a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan-"; en

(b) deur die woorde wat op paragraaf (b) volg en die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"en wel op die voorwaardes wat vir die Owerheid geskik voorkom:".

44. Die wysiging van artikel 336 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) As die eienaar of belanghebbende persoon geen kennis kragtens subartikel (3) gegee het nie, word daarna deur hom teen die Staat, die Minister, die Owerheid, die Direkteur-generaal of enige ander beampte geen regsgeding ingestel nie vir die vrylating van die skip, aandeel of goedere of wat uitsluitend op die aanhouding, beslaglegging of verbeuring daarvan gegrond is nie.".

45. Die wysiging van artikel 337 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die Owerheid of bevoegde beampte kan, as hy dit dienstig ag ten einde enige skip, aandeel in 'n skip of goedere ten aansien waarvan 'n kennisgewing van aanhouding of van verbeuring ingevolge artikel 335 of 336 gedien is, of ten opsigte waarvan die voorneme bestaan om so 'n kennisgewing te laat dien, teen beskadiging, vernietiging, verberging, verwydering of ontsetting te verseker, op daardie skip of aandeel of daardie goedere, na gelang van die geval, beslag laat lê deur 'n persoon wat vir die doel daartoe gemagtig is.".

46. Die vervanging van artikels 343 en 343bis deur onderskeidelik die volgende artikels:

"343 Kennis van aksie teen Regering of Owerheid moet gegee word

(1) Geen geregtelike stappe word teen die Staat, die Minister, die Owerheid, die Direkteur-generaal of enige beampte van die Staat of van die Owerheid in sy hoedanigheid as sodanig ingestel weens enigiets gedoen ingevolge enige bepaling van hierdie Wet voordat 'n maand na die aflewering van 'n skriftelike kennisgewing verstryk het nie.

(2) In die kennisgewing word die skuldoorsaak duidelik en uitdruklik vermeld sowel as die naam en adres van die persoon wat die proses gaan instel, en die naam en adres van sy prokureur of agent, as daar een is.

343bis Vrywaring van Staat en Owerheid en sekere persone in diens van Staat en Owerheid

Ondanks enige andersluidende wetsbepalings, is die Staat en die Owerheid, en hulle beamptes en werknemers by die verrigting van hul pligte, nie aanspreeklik nie vir-

(a) enige verlies of skade veroorsaak deur die dood of besering van enige persoon terwyl hy vervoer is in 'n vaartuig wat die Staat deur middel van sy Departement van Vervoer of wat die Owerheid besit, eksploiteer of huur, of terwyl hy so 'n vaartuig binnegaan of bestyg of daarin is met die doel om daarin vervoer te word, of terwyl hy in so 'n vaartuig is of daarvan afklim nadat hy daarin vervoer is, as daardie persoon aldus vervoer is, of aldus vervoer sou word, anders as in die verrigting van sy pligte as 'n beampte of werknemer van die Staat of die Owerheid en anders as teen beloning; of

(b) enige verlies van of skade aan goedere wat in so 'n vaartuig vervoer is anders as in die belang van die Staat of die Owerheid en anders as teen beloning.".

47. Die wysiging van artikel 344 deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die termyn ten opsigte van bevrydende verjaring ten aansien van gedinge teen die Staat, die Minister, die Owerheid, die Direkteur-generaal of enige beampte van die Staat of van die Owerheid in sy hoedanigheid as sulks op 'n skuldoorsaak wat uit die bepalings van hierdie Wet ontstaan, maar wat nie 'n in subartikel (1) of (2) bedoelde skuldoorsaak is nie, is een jaar en loop vanaf die datum wanneer die skuldoorsaak eers ontstaan het.".

48. Die vervanging-

(a) van die woord "Direkteur-generaal" waar dit ook al voorkom deur die woord "Owerheid", behalwe in die omskrywing van "Direkteur-generaal" in artikel 2 (1), en in artikels 343 en 344; en

(b) van die woord "Minister" waar dit ook al voorkom deur die woord "Owerheid", behalwe in die omskrywings van "Minister" en "veiligheidstandaard" in artikel 2 (1), en in artikels 3, 4, 5, 6, 13, 18 (1) en (2), 72A, 73 (2), 74 (1), 84 (1), 102, 180 (1), 218, 264 (2), 266, 267, 268, 275, 276, 277, 282, 290, 291, 324, 325, 327, 336, 343, 344, 353, 354, 356, 356bis, 356ter en 356quat.

Wet 2 van 1981 Wet op Seeverkeer, 1981 49. Die wysiging van artikel 1-

(a) deur die omskrywing van "gemagtigde persoon" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'gemagtigde persoon'-

(a) enige beampte soos omskryf in artikel 1 (1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), wat deur die Minister aangewys is;

(b) enige offisier van die Suid-Afrikaanse Vloot;

(c) enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens bo die rang van sersant;

(d) enige beampte van die Owerheid;

(e) enige lid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag bo die rang van sersant wat in verband met polisiepligte gebruik word ingevolge artikel 3 (2) (b) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957);

(f) enigiemand wat 'n persoon in paragraaf (a), (b), (c), (d) of (e) bedoel, vergesel en volgens sy voorskrifte optree;"; en

(b) deur na die omskrywing van "oplê" die volgende omskrywing in te voeg:

"'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;".

50. Die wysiging van artikel 5 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid kan van die gesagvoerder of eienaar van 'n skip wat geïmmobiliseer of opgelê is of gaan word, eis dat hy tot bevrediging van die Owerheid sekerheid stel tot 'n bedrag deur hom bepaal vir die verhaal van enige koste deur die Owerheid aangegaan by die afdwing van enige voorwaarde wat op die immobilisering of oplê van die skip van toepassing is, of by die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet.".

51. Die wysiging van artikel 9-

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Owerheid kan eis dat die gesagvoerder van 'n skip waarvan die deurvaart ingevolge artikel 8 geag word nie vry en vreedsaam te wees nie of deur die Owerheid vermoed word nie vry en vreedsaam te wees nie-"; en

(b) deur subartikels (3), (4) en (5) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(3) Indien die Owerheid oortuig is dat die deurvaart van die skip nie vry en vreedsaam is nie, kan hy die skip en sy vrag of deel daarvan, of die skip of sy vrag of deel daarvan, laat aanhou op die voorwaardes wat by regulasie voorgeskryf is, vir 'n tydperk wat nie sewe dae oorskry nie, of die verdere tydperk wat 'n bevel van 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika magtig.

(4) Die Owerheid kan ten opsigte van die skip en sy vrag of deel daarvan wat ingevolge subartikel (3) aangehou word-

(a) die skip en vrag of deel daarvan van bedoelde aanhouding onthef;

(b) behoudens enige bevel in subartikel (3) bedoel, op die skip en vrag of deel daarvan, of die skip of vrag of deel daarvan, laat beslag lê en dit laat behandel op die wyse wat hy gelas.

(5) Indien die skip en vrag of deel daarvan, of die skip of vrag of deel daarvan, uit hoofde van die bepalings van subartikel (4) (b) verkoop word, moet die opbrengs van bedoelde verkoping in die Maritieme Fonds ingestel by artikel 38 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998, gestort word.".

52. Die wysiging van artikel 11 deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) Indien iemand-

(a) aan die Owerheid erken dat hy enige bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen, welke oortreding of versuim 'n misdryf uitmaak;

(b) instem om hom aan die Owerheid se beslissing te onderwerp; en

(c) die bedrag by die Owerheid deponeer wat van hom verlang word, maar nie meer as die maksimum boete wat by 'n skuldigbevinding weens die betrokke oortreding of versuim opgelê kan word nie, kan die Owerheid, na die ondersoek wat hy nodig ag, die saak summier beslis en sonder regsgeding beveel dat die geheel of enige gedeelte van genoemde deposito by wyse van boete verbeur word.

(3) Daar is 'n reg van app|f4l na die Minister teen 'n beslissing of bevel deur die Owerheid kragtens subartikel (2) waarby 'n boete van hoër as R2000 opgelê word, mits sodanige reg binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van dié beslissing of bevel uitgeoefen word.".

53. Die vervanging van artikel 13 deur die volgende artikel:

"13 Beperking van aanspreeklikheid

Iemand in diens of handelende op die gesag van die Staat of die Owerheid of iemand anders wat 'n bevoegdheid kragtens hierdie Wet uitoefen, is nie aanspreeklik nie ten opsigte van enige verlies of skade wat ontstaan as gevolg van enigiets wat te goeder trou ingevolge die bepalings van hierdie Wet gedoen of nie gedoen is nie.".

54. Die vervanging van die woord "Minister" waar dit ook al voorkom deur die woord "Owerheid", behalwe in die omskrywings van "Minister" en "veiligheidsone" in artikel 1, en in artikels 7, 8C, 11 (3), 12, 14, 15 en 16.

Wet 6 van 1981 Wet op Mariene Besoedeling (Beheer en Siviele Aanspreeklikheid), 1981 55. Die wysiging van artikel 1 deur in subartikel (1) na die omskrywing van "olie" die volgende omskrywing in te voeg:

"'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;".

56. Die wysiging van artikel 4-

(a) deur in paragraaf (a) van subartikel (1) die woorde wat subparagraaf (i) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"op die wyse en binne die tydperk wat die Owerheid gelas-"; en

(b) deur paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Indien, volgens die oordeel van die Owerheid, die gesagvoerder en die eienaar van die betrokke skip of tenkskip nie in staat is of sal wees om te voldoen aan 'n eis wat ingevolge subartikel (1) gestel is of beoog word nie, of daar nie redelikerwys van hom verwag kan word om aan so 'n eis te voldoen nie, of die bevoegdhede wat by subartikel (1) aan die Owerheid verleen is, onvoldoende is vir die doeleindes wat in daardie subartikel beoog word, kan die Owerheid die een of ander van die stappe laat doen ten opsigte waarvan hy ingevolge genoemde subartikel kan eis dat hulle gedoen word.".

57. Die wysiging van artikel 5-

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien na die oordeel van die Owerheid 'n skadelike stof waarskynlik uit 'n skip of 'n tenkskip gelaat sal word, kan hy die maatreëls tref, met inbegrip van die vernietiging of verbranding van of beskikking op enige ander wyse oor die skadelike stof in sodanige skip of tenkskip, wat hy goedvind ten einde te waak teen besoedeling van die see deur daardie skadelike stof of ten einde sodanige besoedeling te voorkom.";

(b) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien die Owerheid kragtens subartikel (1) maatreëls tref of kragtens subartikel (2) besoedeling laat verwyder, kan hy iemand wat-"; en

(c) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die Owerheid kan deur middel van 'n onafhanklike geoktrooieerde rekenmeester deur hom vir die doel aangewys, 'n koste-ondersoek instel in verband met goedere of 'n diens ten opsigte waarvan hy 'n bevel kragtens subartikel (3) uitgereik het.".

58. Die wysiging van artikel 10 deur subartikels (4), (5) en (6) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(4) Iemand in diens of handelende op die gesag van die Staat of die Owerheid of iemand in diens geneem ingevolge artikel 27 (1) saamgelees met artikel 4 (2) (a) of artikel 22 (1), na gelang van die geval, om 'n handeling te verrig wat ingevolge artikel 4 (1) verrig moet word, is nie aanspreeklik nie (behalwe in die geval van 'n opsetlike handeling of versuim van die kant van so iemand) teenoor enige persoon vir enige verlies van of skade aan enige skip, tenkskip of see-installasie of, in die geval van so 'n skip of tenkskip, sy vrag of skadelike stowwe, wat veroorsaak word deur of voortspruit uit of op enige wyse in verband staan met die verrigting van sodanige handeling.

(5) Indien daar uit hoofde van die bepalings van artikel 5 maatreëls getref word om te waak teen of ter voorkoming of verwydering van besoedeling van die see deur 'n skadelike stof in die verbode gebied, is iemand in diens of handelende op die gesag van die Staat of die Owerheid, 'n offisier van of lid van die bemanning van enige vaartuig wat gebruik word by die tref van bedoelde maatreëls, die werkgewer van so 'n offisier of lid, of die eienaar van so 'n vaartuig, nie aanspreeklik nie (behalwe in die geval van 'n opsetlike handeling of versuim van die kant van so iemand of so 'n offisier, lid, werkgewer of eienaar) teenoor enige persoon vir enige verlies van of skade aan enige skip, tenkskip of see-installasie in bedoelde gebied, of, in die geval van so 'n skip of tenkskip, sy vrag of skadelike stowwe, wat veroorsaak word deur of voortspruit uit of op enige wyse in verband staan met die tref van bedoelde maatreëls.

(6) Iemand in diens of handelende op die gesag van die Staat of die Owerheid of iemand in diens geneem ingevolge artikel 27 (1) saamgelees met artikel 4 (2) (a) of artikel 22 (1), na gelang van die geval, om 'n handeling te verrig wat ingevolge artikel 4 (1) verrig moet word, is nie aanspreeklik nie (behalwe in die geval van 'n opsetlike handeling of versuim van die kant van so iemand) vir enige verlies of skade gely of koste aangegaan deur enige persoon as gevolg van enige maatreëls getref, of as gevolg van enige versuim om maatreëls te tref, ingevolge hierdie Wet, ter voorkoming of verwydering van besoedeling van die see deur 'n skadelike stof.".

59. Die wysiging van artikel 14-

(a) deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(2) Indien die Owerheid by 'n aansoek bedoel in subartikel (1) oortuig is dat daar gedurende die tydperk waarvoor die sertifikaat uitgereik moet word deurgaans 'n kontrak ten opsigte van die betrokke tenkskip van krag sal wees vir versekering of ander finansiële sekuriteit vir 'n bedrag beoog in artikel 13 (1), moet hy so 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker uitreik.

(3) Indien die Owerheid by so 'n aansoek van oordeel is dat daar twyfel bestaan daaromtrent of die persoon wat die versekering of ander finansiële sekuriteit verskaf, in staat sal wees om sy verpligtinge kragtens die tersaaklike kontrak na te kom, of daaromtrent of die betrokke versekering of ander finansiële sekuriteit in alle omstandighede die eienaar se aanspreeklikheid sal dek vir verlies, skade of koste wat deur hom betaalbaar mag word ingevolge die bepalings van artikel 9 (1), kan hy weier om 'n sertifikaat uit te reik.";

(b) deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Indien die Owerheid te eniger tyd na die uitreiking, ingevolge hierdie artikel, van 'n sertifikaat, van oordeel is dat daar weens 'n verandering in die omstandighede twyfel soos beoog in subartikel (3) ontstaan het, kan hy daardie sertifikaat intrek en moet hy, by sodanige intrekking, onverwyld die eienaar van die betrokke tenkskip sowel as die persoon wat die versekering of ander finansiële sekuriteit verskaf, daarvan in kennis stel."; en

(c) deur subartikels (5) en (6) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

"(5) Die Owerheid moet 'n afskrif van elke sertifikaat wat deur hom uitgereik is en 'n afskrif van elke kennisgewing van intrekking ingevolge subartikel (4), aan alle eerste beamptes stuur, wat sodanige afskrifte vir openbare insae beskikbaar moet hou.

(6) Wanneer 'n sertifikaat ingevolge subartikel (4) ingetrek word, moet die persoon aan wie die sertifikaat uitgereik is daardie sertifikaat op versoek van die Owerheid aan hom terugbesorg binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van sodanige versoek.".

60. Die vervanging van artikel 16 deur die volgende artikel:

"16 Deponering van bedrag of verstrekking van waarborg deur eienaar van skip, tenkskip of see-installasie ten opsigte van sekere koste

Indien 'n bedrag ingevolge die bepalings van artikel 9 (1) (b) deur die eienaar van 'n skip, 'n tenkskip ten opsigte waarvan die bepalings van artikel 13 (1) nie van toepassing is nie of 'n see-installasie, ten opsigte van koste bedoel in artikel 9 (1) (b) betaalbaar is, of indien die Owerheid op redelike gronde van oordeel is dat 'n bedrag aldus betaalbaar mag word, moet daardie eienaar óf by die Owerheid 'n bedrag deponeer, óf aan die Owerheid 'n vir hom aanvaarbare skriftelike waarborg verstrek vir die betaling van 'n bedrag wat die Owerheid voldoende ag om te voldoen aan die bedrag wat deur genoemde eienaar aldus betaalbaar is of mag word.".

61. Die wysiging van artikel 17-

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Indien die Owerheid oortuig is dat geen bedrag ten opsigte van koste bedoel in artikel 9 (1) (b) deur 'n eienaar bedoel in artikel 16 ingevolge die bepalings van eersgenoemde artikel betaalbaar is of sal word nie en dat geen besoedeling of verdere besoedeling van die see deur olie deur die betrokke skip, tenkskip of see-installasie veroorsaak sal word nie, moet hy -"; en

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid kan te eniger tyd soveel terugbetaal van 'n bedrag wat ingevolge artikel 16 gedeponeer is, of, na gelang van die geval, toestem tot 'n vermindering van enige bedrag ingevolge genoemde artikel gewaarborg met soveel, as wat, volgens sy oordeel, nie nodig is om aan enige koste bedoel in artikel 9 (1) (b) te voldoen nie.".

62. Die wysiging van artikel 18 deur die woord "Minister" waar dit laaste voorkom deur die woord "Owerheid" te vervang.

63. Die wysiging van artikel 21 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) By die gee van sy toestemming vir die verrigting van 'n handeling bedoel in subartikel (1), kan die Owerheid enige voorwaardes oplê onderworpe waaraan die handeling verrig moet word, en by sodanige voorwaardes kan die verpligting inbegrepe wees om die dienste te verkry van een of meer sleepbote, spuitbote of ander vaartuie om vir die tydperk wat die Owerheid bepaal, gereed te staan.".

64. Die vervanging van artikels 26 en 27 deur onderskeidelik die volgende artikels:

"26 Inkomste en uitgawes

(1) In die Nasionale Inkomstefonds word gestort-

(a) enige bedrag ingevolge artikel 16 gedeponeer wat 'n som wat kragtens artikel 9 (2) (b) (ii) geag word voldoende te wees, verteenwoordig; en

(b) enige ander geld wat uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet aan die Staat betaalbaar word.

(2) Onkoste aangegaan-

(a) om die navorsing wat die Minister bepaal ten opsigte van enige aangeleentheid wat, na die oordeel van die Minister, in verband staan met die besoedeling van die see deur skadelike stowwe, te onderneem of te bevorder;

(b) wanneer die Minister dit in die openbare belang nodig of dienstig ag, ter bestryding van uitgawes aangegaan by die voorkoming of verwydering van besoedeling van die see deur skadelike stowwe wat in skepe, tenkskepe of see-installasies is, of daaruit uitgelaat word, en in verband met aangeleenthede wat daarmee in verband staan;

(c) vir die betaling van besoldiging en toelaes van persone wat ingevolge artikel 27 (1) in diens geneem is en van persone bedoel in artikel 27 (3) (b);

(d) ter bestryding van uitgawes aangegaan by die verwydering, of by die doen van stappe ter voorkoming, ingevolge artikel 27 (6), van besoedeling van die see deur skadelike stowwe;

(e) vir die huur of koop van toerusting, geboue, masjinerie en bybehore, apparate, seevaartuie, voertuie, lugvaartuie en enige ander roerende of onroerende goed wat die Minister nodig of bevorderlik ag vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet;

(f) ter bestryding van uitgawes aangegaan in verband met die onderrig van beamptes van die Staat en ander persone in verband met besoedeling van die see deur skadelike stowwe en by die opleiding van sodanige beamptes en persone in die voorkoming en verwydering van sodanige besoedeling en in bykomstige bedrywighede;

(g) vir enige doel wat in verband staan met die verrigting deur die Owerheid van sy werksaamhede ingevolge die bepalings van hierdie Wet, word bestry uit geld wat die Parlement vir dié doel bewillig: Met dien verstande dat vir die doeleindes van paragraaf (b) die bestryding van uitgawes wat aangegaan is by die voorkoming of verwydering van besoedeling van die see deur skadelike stowwe wat in 'n skip, tenkskip of see-installasie is, of daaruit uitgelaat word, nie die eienaar van

dié skip, tenkskip of see-installasie van aanspreeklikheid kragtens hierdie Wet vir die betaling van dié uitgawes onthef nie.

(3) Daar word aan die Owerheid betaal-

(a) enige bedrag ingevolge artikel 16 gedeponeer, behalwe 'n som wat kragtens artikel 9 (2) (b) (ii) geag word voldoende te wees;

(b) die opbrengs van die tegeldemaking van enige goed, eiendom of bates ingevolge artikel 19;

(c) alle geld aan die Owerheid betaal of deur hom ingevorder ten gevolge van 'n verwydering ingevolge artikel 27 (6); en

(d) enige ander geld wat aan die Owerheid uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet betaalbaar word.

27 Diverse bevoegdhede

(1) Die Minister kan behoudens die wette op die staatsdiens soveel persone as wat hy nodig ag, in diens neem om die werksaamhede te verrig wat verrig moet word ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie Wet.

(2) Indien iemand wat uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) in diens is of was die Staat 'n verlies of skade berokken het deurdat hy-

(a) vir 'n tekort in geld in die Nasionale Inkomstefonds of 'n vernietiging of beskadiging van eiendom wat met geld uit die Nasionale Inkomstefonds verkry is of ander Staatsgoed verantwoordelik is of was;

(b) weens 'n opsetlike handeling of versuim van sy kant vir 'n vordering wat 'n betaling uit die Nasionale Inkomstefonds genoodsaak het, verantwoordelik is of was, kan bedoelde verlies of skade op die voorgeskrewe wyse op so iemand verhaal word.

(3) (a) Die Minister kan die liggame instel wat hy nodig ag om hom by te staan by die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.

(b) Die besoldiging en ander diensvoorwaardes van persone wat dien in 'n liggaam beoog in paragraaf (a), word van tyd tot tyd deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

(4) Die Minister kan 'n patrolliediens deur middel van bote, skepe en lugvaartuie instel en onderhou om die verbode gebied te patrolleer met die oog op die bestryding van besoedeling van die see deur skadelike stowwe.

(5) Die Minister en die Owerheid kan die ander dinge doen wat verbonde is aan of bevorderlik is vir die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(6) Die Minister en die Owerheid kan stappe wat nie in stryd met die bepalings van die Wet op Mariene Besoedeling (Intervensie), 1987 (Wet 64 van 1987), is nie, laat doen om, in die omstandighede en op die voorwaardes wat hy goedvind, besoedeling van die see deur skadelike stowwe buite die verbode gebied te verwyder of te voorkom.".

65. Die wysiging van artikel 29 deur die woorde "sowel as die Direkteur-generaal" deur die woorde ", Direkteur-generaal en die Owerheid" te vervang.

66. Die wysiging van artikel 30 deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) As iemand-

(a) aan die Owerheid erken dat hy enige bepaling van hierdie Wet oortree het, of dat hy in gebreke gebly het om te voldoen aan so 'n bepaling waaraan dit sy plig was om te voldoen;

(b) instem om hom aan die Owerheid se beslissing te onderwerp; en

(c) die bedrag by die Owerheid deponeer wat van hom verlang word, maar nie meer as die maksimum boete wat by 'n skuldigbevinding weens die betrokke

oortreding of versuim opgelê kan word nie, kan die Owerheid, na die ondersoek wat hy nodig ag, die saak summier beslis en sonder regsgeding beveel dat die geheel of enige gedeelte van genoemde deposito by wyse van boete verbeur word.".

67. Die vervanging-

(a) van die woord "Direkteur-generaal" waar dit ook al voorkom deur die woord "Owerheid", behalwe in artikels 1, 9 en 29;

(b) van die woorde "Mariene-afdeling van die Departement van Vervoer" waar hulle ook al voorkom deur die woord "Owerheid"; en

(c) van die woord "Minister" waar dit ook al voorkom deur die woord "Owerheid", behalwe in artikels 1, 9 (2) (b) en (5) (b), 18, 24, 25, 26, 27, 28, 29 en 30(4).

Wet 1 van 1986	Wet op Goederevervoer oor See, 1986	Geen.
Wet 2 van 1986	Wet op Mariene Besoedeling (Voorkoming van Besoedeling deur Skepe), 1986	68. Die wysiging van artikel 1 deur na die omskrywing van "Minister" die volgende omskrywing in te voeg: "'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;". 69. Die wysiging van artikel 2 deur in subartikel (2) paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang: "(b) na die Administrasie of Regering, vir sover dit op 'n Suid-Afrikaanse skip of die Republiek betrekking het, uitgelê as, of ook as, 'n verwysing na die Owerheid of 'n persoon wat op sy gesag handel.". 70. Die wysiging van artikel 3A deur subartikels (5) en (6) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang: "(5) As iemand- (a) aan die Owerheid erken dat hy of sy 'n bepaling van hierdie Wet of die Konvensie oortree het, of versuim het om daaraan te voldoen, welke oortreding of versuim 'n misdryf kragtens hierdie Wet uitmaak; (b) instem om hom of haar aan die Owerheid se beslissing te onderwerp; en (c) die bedrag by die Owerheid deponeer wat van hom of haar verlang word, maar nie meer as die maksimum boete wat by 'n skuldigbevinding weens die betrokke oortreding of versuim opgelê kan word nie, kan die Owerheid, na die ondersoek wat hy nodig ag, die saak summier beslis en sonder regsgeding beveel dat die geheel of enige gedeelte van genoemde deposito by wyse van boete verbeur word. (6) Daar is 'n reg van appél na die Minister teen 'n beslissing of bevel deur die Owerheid kragtens subartikel (5) waarby 'n boete van hoër as R10000 opgelê word, mits sodanige reg binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van dié beslissing of bevel uitgeoefen word.".
Wet 64 van 1987	Wet op Mariene Besoedeling (Intervensie), 1987	71. Die wysiging van artikel 1 deur na die omskrywing van "Konvensie" die volgende omskrywing in te voeg: "'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;" 72. Die wysiging van artikel 2 deur in subartikel (3) die woorde "Minister van Vervoer of enige beampte van die Departement van Vervoer wat namens die Minister optree" deur die woord "Owerheid" te vervang.
Wet 15 van 1994	Wet op Maritieme Sones, 1994	Geen.

 73.Die wysiging van artikel 1 deur na die omskrywing van "Minister" die volgende omskrywing in te voeg:

"'Owerheid' die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid, 1998;".

74. Die vervanging van artikel 18 deur die volgende artikel:

"18 Bevoegdhede van Owerheid ten aansien van sekere wrakke en skepe

(1) (a) Wanneer 'n skip skipbreuk gely het, gestrand het of in nood verkeer, kan die Owerheid die gesagvoerder of die eienaar van sodanige skip, of sodanige gesagvoerder sowel as sodanige eienaar, hetsy mondeling of skriftelik, gelas om sodanige skip te verskuif na 'n plek wat die Owerheid bepaal, of om die handeling te verrig wat die Owerheid ten aansien van sodanige skip bepaal.

(b) Indien die gesagvoerder of eienaar van 'n skip in paragraaf (a) vermeld, versuim om binne die tydperk wat die Owerheid bepaal 'n handeling te verrig wat hy of sy ingevolge daardie paragraaf aangesê is om te verrig, kan die Owerheid sodanige handeling laat verrig.

(2) Die Owerheid kan, ondanks die bepalings van subartikel (1), 'n wrak of 'n skip wat skipbreuk gely of gestrand het of verlaat is of enige gedeelte daarvan laat lig, verwyder of vernietig of op 'n wyse wat hy goedvind daarmee laat handel, indien hy nie in staat was om met die gesagvoerder of eienaar van die vermelde wrak, skip of gedeelte daarvan in aanraking te kom nie.

(3) Indien die Owerheid uitgawes aangegaan het in verband met die uitoefening van 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1) (b) of (2), kan hy sodanige uitgawes verhaal van die eienaar van die betrokke wrak of skip of, in die geval van 'n verlate skip of wrak, van die persoon wat tydens die verlating die eienaar daarvan was.

(4) Indien die Owerheid uitgawes aangegaan het of sal aangaan in verband met die uitoefening van 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1) (b) of (2) ten opsigte van 'n wrak of skip, kan hy enige goedere van sodanige wrak of skip laat verwyder.

(5) Die Owerheid kan-

(a) 'n wrak of skip ten aansien waarvan 'n bevoegdheid ingevolge subartikel (1) (b) of (2) uitgeoefen is, of enige gedeelte van sodanige wrak of skip of enige goedere wat ingevolge subartikel (4) daarvan verwyder is, verkoop en die opbrengs van die verkoping aanwend ter bestryding van enige uitgawes wat in verband met die uitoefening van sodanige bevoegdheid aangegaan is; of

(b) enige sodanige wrak, skip of goedere laat aanhou totdat sekuriteit tot tevredenheid van die Owerheid vir die betaling van sodanige uitgawes gestel is.

(6) Indien enige wrak, skip of goedere ingevolge subartikel (5) verkoop word en die opbrengs van die verkoping die bedrag van die uitgawes vermeld in genoemde artikel te bowe gaan, word die oorskot aan die eienaar van die betrokke wrak, skip of goedere oorbetaal na aftrekking daarvan van die bedrag van enige reg wat ten aansien van sodanige wrak, skip of goedere ingevolge die Doeane- en Aksynswet, 1964, betaalbaar is.

(7) Die Owerheid of iemand wat kragtens die gesag van die Owerheid optree, is nie aanspreeklik ten aansien van iets wat te goeder trou ingevolge die bepalings van hierdie artikel gedoen is nie.".